

# **Emosionele eenwording by pasgetroudes:**

## **'n Pastorale studie**

**Madalè Erasmus**

**B.A.; Hons. B.A.**

**Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes**

**vir die graad Magister Artium in Pastoraal aan die**

**Potchefstroom-kampus van die**

**Noordwes-Universiteit**

Studieleier : Prof. dr. G. A. Lotter

November 2004

Potchefstroom

**GENESIS 2:24**

***Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees word.***

**MATTHEUS 19: 4-6**

***En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.***

## **VOORWOORD**

---

**God gee aan sekere mense sekere drome. My droom was om die geheimenis van eenwording tussen man en vrou te probeer begryp, met ander te deel, en 'n verskil in huwelike te maak. Sonder Hom sou hierdie studie nooit moontlik gewees het nie.**

### **Erkennings:**

**Eerstens: aan my pa , Pieter de Villiers, wat my geïnspireer het, en deur sy verhouding met my ma, gewys het daar is hoop vir die huwelik vandag. Sy wysheid was 'n voortdurende inspirasie dwarsdeur my lewenswandel. Al is hy nie meer fisies by ons nie, sal hy die res van my lewe 'n inspirasie bly, tot ons mekaar weer sien!**

**Tweedens: aan my ma, Retha de Villiers, wat 'n uitstaande helper en vriend vir my pa was, 'n fantastiese ma vir ons 3 kinders, en wat my motiveer en bemoedig, en in my glo sodat ek van my lewe 'n uitstaande sukses kan maak. Dankie dat Ma altyd daar is en in my glo!**

**Derdens: aan Prof George Lotter, my mentor, wat altyd daar is vir my, wat met sy uitmuntende wysheid in die vakgebied vir my die riglyne kon neerlê en genoegsame ondersteuning kon bied as die proses duister en moeilik raak – al het my telefoonnommer en huisadres so baie verander.**

**Vierdens: my skoonouers Cobus en Lenie Erasmus, wat die vertaling en taalversorging tot vroegoggendure gedoen het (en hoofstuk twee verseker uit hul koppe ken). Sonder hulle sou ek nou nog gesit en vertaal het.**

**Vyfdens: Kido en Nica (ons kokketielkinders) wat vroeg in die oggende terwyl ek moes werk op my skouer gesit en slaap het, en geselskap gebied het.**

**Laastens, maar verseker die belangrikste: My beter helfte, jy wat my vervolmaak en die lewe vir my opwindend maak, jy moes proefkonyn speel vir alles. Sonder jou motivering sou ek nooit aangehou het nie.**

## **INHOUDSOPGAWE**

---

### **BLADSY**

#### **HOOFSTUK 1 : INLEIDING**

<b>1.1</b>	<b>Titel</b>	<b>1</b>
<b>1.2</b>	<b>Oriëntering en aktualiteit</b>	<b>1</b>
<b>1.3</b>	<b>Probleemstelling</b>	<b>2</b>
<b>1.4</b>	<b>Doelstellings en Doelwitte</b>	<b>4</b>
<b>1.5</b>	<b>Sentrale teoretiese argument</b>	<b>5</b>
<b>1.6</b>	<b>Metodologie</b>	<b>5</b>
<b>1.7</b>	<b>Bibliografiese en ander tegniese aspekte</b>	<b>6</b>
<b>1.8</b>	<b>Hoofstukindeling</b>	<b>6</b>
<b>1.9</b>	<b>Skematiese voorstelling ten einde korrelasie te vergelyk</b>	<b>8</b>

## **HOOFSTUK 2 : BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EMOSIONELE EENWORDING IN DIE HUWELIK**

<b>2.1 Doelstellings</b>	<b>9</b>
<b>2.2 Inleiding</b>	<b>9</b>
<b>2.3 Ou Testament</b>	<b>12</b>
2.3.1 Genesis 2:24	12
2.3.2 Maleagi 2:14-16	17
<b>2.4 Nuwe Testament</b>	<b>19</b>
2.4.1 Matteus 19:5-6	20
2.4.2 Efesiërs 5:21-31	22
2.4.2.1 Man teenoor vrou	23
2.4.2.2 Vrou teenoor man	24
<b>2.5 Die drievoudige geheim</b>	<b>26</b>
2.5.1 Verlaat / Leave	26
2.5.2 Aankleef / Cleave	29
2.5.3 Een vlees / One flesh	31
<b>2.6 Basisteoretiese perspektiewe saamgevat</b>	<b>32</b>

## **HOOFSTUK 3 : METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EMOSIONELE EENWORDING**

<b>3.1 Doelstellings</b>	<b>34</b>
<b>3.2 Inleiding</b>	<b>34</b>
<b>3.3 Emosies</b>	<b>35</b>
3.3.1 Fisiologiese karaktereienskappe	35
3.3.1.1 Vlakke van emosionele prosessering	35
3.3.1.2 Plek waar emosies ontstaan	36
3.3.1.3 Die belangrikheid van emosies	38
3.3.1.4 Doel van emosies	39
3.3.2 Effek/invloed op emosionele eenwording by pasgetroudes	40
3.3.3 Emosionele dade/ Emosies wat eenwording benadeel	40
3.3.3.1 Aftakeling	40
3.3.3.2 Manipulasie	41
3.3.3.3 Afpersing	41
3.3.3.4 Intimidasie	41
3.3.3.5 Afbrekende Emosies	41
3.3.4 Emosies/ emosionele dade wat eenwording bevorder	41
3.3.4.1 Opbouende emosies	41
3.3.4.2 Selfaanvaarding	42
3.3.4.3 Dissipline	42
<b>3.4 Huwelik</b>	<b>42</b>
3.4.1 Wetlike perspektief	42
3.4.2 Psigologiese perspektief	44
3.4.2.1 Kenmerke	44
3.4.2.2 Wat laat 'n huwelik werk	46
3.4.2.3 Voorlopige opsomming	47
3.4.3 Sosiologiese perspektief	48
3.4.3.1 Kenmerke	48
3.4.3.1.1 Behoeftebevrediging op samelewingsvlak	48

3.4.3.1.2	Behoeftbevredeging op interpersoonlike vlak	48
3.4.3.1.3	Verandering of aanpassingsvlak	49
3.4.3.2	Wat laat 'n huwelik werk	49
<b>3.5</b>	<b>Empiriese navorsing</b>	<b>50</b>
3.5.1	Doelwit	50
3.5.2	Vraelyste	50
3.5.3	Rasionaal	51
3.5.4	Samestelling van vraelys	51
3.5.5	Werkswyse	51
3.5.6	Respons	52
3.5.7	Statistiese verwerking en analisering van data	52
3.5.7.1	Verlating van ouers	52
3.5.7.2	Aankleef aan jou maat	53
3.5.7.3	Fisies een word	54
3.5.7.4	Emosioneel een word	55
3.5.7.5	Totale punte en uiteensetting	56
3.5.8	Basiese behoeftes van pasgetroudes	57
3.5.8.1	Mans	57
3.5.8.2	Vrouens	57
3.5.9	Definisie van emosionele eenwording	58
3.5.9.1	Mans	58
3.5.9.2	Vrouens	58
3.5.10	Voorlopige samevatting van Empiriese studie	59

## **HOOFSTUK 4 : PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EMOSIONELE EENWORDING**

<b>4.1 Inleiding</b>	<b>60</b>
<b>4.2 Doelstelling</b>	<b>60</b>
<b>4.3 Pastorale gesprek</b>	<b>60</b>
4.3.1 Eienskappe van 'n berader	60
4.3.1.1 Persoonlike verhouding met God	60
4.3.1.2 Kongruensie	61
4.3.1.3 Onvoorwaardelike agting	61
4.3.1.4 Empatie	61
4.3.1.5 Goeie luisteraar	62
4.3.1.6 Skep van vertrouwe	63
4.3.2 Proses van Pastorale gesprek	63
4.3.2.1 Interaksie (Aanknoping)	63
4.3.2.2 Inspirasie (Motivering)	65
4.3.2.3 Informasie (Dataversameling)	66
4.3.2.3.1 Doel van dataversameling	66
4.3.2.3.2 Die proses van data-insameling	66
4.3.2.3.3 Wyse van data-versameling	66
4.3.2.3.4 Geskikte vrae om data in te samel	67

4.3.2.4 Intensie (Motief)	67
4.3.2.5 Interpretasie	68
4.3.2.6 Instruksie (Aansporing)	69
4.3.2.7 Implementering (Aksieplanne)	70
<b>4.4 Kenmerke van emosionele eenwording in die huwelik</b>	<b>71</b>
4.4.1 Man en vrou as een deur God gesien	71
4.4.2 Die mens is as gees, siel en liggaam geskape	72
4.2.2.1 Gees	72
4.2.2.2 Siel	72
4.2.2.3 Liggaam	73
4.2.2.4 Die Heilige Gees gee sagte harte	75
4.4.3 Verantwoordelikheid	76
4.4.3.1 Bewoon, bewerk, heers en vermeerder	76
4.4.3.2 Man en vrou teenoor mekaar	77
4.4.4 Monogame huwelik	77
4.4.5 Verbond met God en mekaar	78
<b>4.5 Voorbeeld van Pastorale gesprek in praktyk</b>	<b>79</b>
4.5.1 Gevallestudie	79

4.5.2 Die grondliggende probleem	79
4.5.3 Die verskil tussen die Bybelse benadering; Marie en Pierre (afsonderlik) se benadering asook praktiese riglyne in tabelvorm	81
4.5.4 Die hoofrigting van die berading met hulle as paartjie	86
4.5.4.1 Interaksie	86
4.5.4.2 Inspirasie	86
4.5.4.3 Inligting	86
4.5.4.4 Interpretasie	87
4.5.4.5 Instruksie	88
4.5.5 Motivering vir hulle huwelik vorentoe	89
 <b>HOOFSTUK 5 : FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING</b>	
<b>5.1 Hoofstuk 2</b>	<b>92</b>
<b>5.2 Hoofstuk 3</b>	<b>93</b>
<b>5.3 Hoofstuk 4</b>	<b>98</b>
<b>5.4 Finale gevolgtrekking</b>	<b>101</b>
<b>5.5 Terreine vir verdere navorsing</b>	<b>101</b>

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>102</b>
<b>BYLAES</b>	<b>113</b>
<b>BYLAE A</b> <b>Uittreksel (Afrikaans en Engels)</b>	<b>114</b>
<b>BYLAE B</b> <b>Vraelys (Afrikaans en Engels)</b>	<b>119</b>
<b>BYLAE C</b> <b>Brief aan pasgetroudes</b>	<b>136</b>

## HOOFSTUK 1 – INLEIDING

---

### 1.1 TITEL

#### **Emosionele eenwording by pasgetroudes: 'n pastorale studie.**

**SLEUTELTERME:** Emosies, eenwording, verlating van ouers, saam met jou vrou lewe, een vlees word.

**KEY WORDS:** Emotions, oneness, leaving of parents, living with your wife, becoming one flesh.

### 1.2 ORIËNTERING EN AKTUALITEIT

Tans word wêreldwyd en ook in Suid Afrika ondervind dat al hoe meer huwelike misluk, egskeidings toeneem, en dat saambly buite die huwelik al hoe meer plaasvind, soos dit waarskynlik in die toekoms die patroon gaan word (Waite & Gallager, 2000:180-183).

Volgens De Bruyn (2001:4) kan die samelewing nie meer die nut van trou en die huwelik insien nie. Hy is van mening dat die media van vandag 'n baie groot effek het op die samelewing se denke en verandering van hierdie denke. Populêre tydskrifte praat openlik oor seksuele aspekte asof dit normaal is vir jong mense om voor die huwelik seksueel te verkeer, en heelwat van hierdie artikels misken die huwelik (Anon., 2003a:63; Anon., 2003b:62; Anon., 2003c:124). Selfs in die hedendaagse onderwysstelsels word kinders so vroeg soos in graad 2 reeds blootgestel aan die gebruik van 'n kondoom, wat dus die seksuele nuuskierigheid aanwakker (Anon., 1994:93-101).

Die woord trou het by ons 'n afgewaterde betekenis ontwikkel as jy na die samelewing kyk. Dikwels impliseer trou vir ons 'n by-mekaar-bly, 'n moet, 'n verpligting, omdat ek nou eenmaal trou beloof het. Hoe dikwels verskraal trou bly by ons net tot die feit dat daar nie 'n intieme verhouding met 'n ander is nie" (Viljoen,1996:15).

Thatcher (2003:231) meen dat trou net ingestel is as 'n "cure for the sickness of sexual desire, and a conversion of the desire for sex into the desire for children".

Die aktualiteit van hierdie verwronge, hopelose beeld van die huwelik het die behoefte aan die studie gemotiveer en het die noodsaaklikheid van 'n ondersoek oor die huwelik, veral by pasgetroudes - om terug te keer na die belangrike boustene van 'n standhoudende huwelik - beklemtoon.

### **1.3. PROBLEEMSTELLING**

Die groot vraag, "Wat is die invloed van veranderende waardes op die huwelik?", word voortdurend gevra in 'n veranderende samelewing (Van Wyk, 1990:7). Van der Merwe (2001:8) vestig die aandag op die feit dat die huwelik besig is om sy plek in die nuwe samelewing te verloor. Van Niekerk (1992:5) bevind dat meer en meer jong mense nie wil trou nie as gevolg van die hoë egskeidingsyfers.

Waite & Gallagher (2000:183) is van mening dat jong mense van vandag wel 'n behoefte aan hul eie stabiele huwelik het, maar terselfdertyd onseker en bekommerd is oor die vraag of 'n stabiele huwelik regtig moontlik is. Hul is van mening dat, "as marriages become less certain and stable, alternatives to marriage appear more reasonable and attractive" (Waite & Gallagher, 2000:183).

Hoewel daar tog 'n groot aantal huwelike is wat slaag, is daar 'n groot persentasie wat eindig in 'n egskeiding, wat onrusbarend is vir die hedendaagse samelewing. Browning (2003:8) verwys na 'n vyfjaarstudie oor families in die VSA, waarin die huwelik skaars aangeraak of genoem word. Al wat gesê word, is dat "intimacy is better if expressed in 'committed' relationships".

Van Wyk (1990:7-9) meen dat die volgende vyf groot faktore ons samelewingswaardes ingrypend geraak het:

- ◆ **Welvaartskultuur** (waar mense net meer en meer besittings en geld wil hê, en dus onafhanklik van ander en van God wil word). Die gevaar vir die huwelik is dat man en vrou in hul najaging van meer rykdom maklik verby mekaar kan leef.
- ◆ **Geweldskultuur** (strukturele, rewolusionêre geweld) stomp die hele samelewing af.
- ◆ **Vreeskultuur**. Die vrees vir die oordeelsdag, vir mense van ander rasse of vir oorlog, skep 'n bedreiging vir die huwelik, maar in die huwelik behoort man en vrou nie vreesbevange te leef nie.
- ◆ **Sekskultuur** (losbandigheid en seksbeheptheid) kan 'n groot effek op die huwelik hê, want man/vrou se gewete en gestel is nie gemaak om met 'n derde persoon saam te leef nie.
- ◆ **Jaagkultuur**, want almal is te besig om enigiets anders te doen.

Van Wyk (1990:8) is van mening dat die mensdom 'n slagoffer van die drukgang van die lewe geword het. Vir die huwelik hou dit 'n groot gevaar in as man en vrou nie meer tyd het om rustig saam met mekaar te verkeer en mekaar te kan geniet nie.

Volgens Grobler (1991:9-12) is "the role of sex in marriage ... to fulfill the marriage partners' masculine and feminine needs respectively". In die huwelik is daar groot emosionele behoeftes wat bevredig moet word om die huwelik te laat slaag.

Du Toit (1991:45-52) verwys na 'n aantal verkeerde motiewe vir die ontstaan van die huwelik wat tot egskeiding lei. Crabb (1982:45-62) verduidelik dat dit gaan oor "manipulation or ministry to our own or spouse's needs". Thatcher (2003:241) definieer die huwelik as "a very flexible institution (like a fluid) whose flexible (adaptable) character is rarely understood or taken into account".

Vanweë die wanbeeld oor seks, die huwelik, emosionele verbintenis en egskeiding, terwyl die basis waarop die huwelik gebou word, so onduidelik en wankelig is, blyk dit dat daar dikwels ongelukkige huwelike ontstaan.

Die oorkoepelende navorsingsvraag vir hierdie studie is dus die volgende:

***Hoe kan emosionele eenwording van pasgetroudes bevorder word deur die Skriftuurlike riglyne vir verlating van ouers (Gen 2:24), saam met sy vrou lewe (Gen 2:24) en een vlees word (Gen 2:24), na te volg?***

Die spesifieke vrae wat hieruit voortspruit en wat in hierdie studie aan die orde kom, is die volgende:

- ◆ Watter riglyne gee die Skrif (bv. Gen 2:24; Mal 2:14-16; Matt 19:5 en Ef 5:21-31) in verband met verlating van ouers, saam met sy vrou lewe en een vlees word?
- ◆ Watter bydrae kan hulpwetenskappe tot emosionele eenwording lewer in die proses van verlating van ouers, saam met sy vrou lewe en een vlees word (vgl Gen 2:24)?
- ◆ Watter praktiese riglyne kan geformuleer word vir emosionele eenwording by pasgetroudes?

#### **1.4. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE**

Die doelstelling van die voorgestelde studie is om te bepaal watter pastorale riglyne aan pasgetroudes ten opsigte van emosionele eenwording gegee word of gegee kan word met spesifieke verwysing na die verlating van ouers, die aanklewing van mekaar en die word van een vlees volgens die Skrif.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- ◆ 'n Breedvoerige eksegeese van Genesis 2:24 en ander relevante Skrifgedeeltes in die onderskeie kontekste daarvan.

- ◆ 'n Ontginning van fisiologie, psigologie, sosiologie en regte oor emosies en/of die huwelik.
- ◆ Bepaling van 'n voorlopige definisie van emosionele eenwording.
- ◆ Gevolgtrekkings van die kwalitatiewe empiriese studie.
- ◆ Die ontwerp van pastorale riglyne vir pasgetroudes.

### **1.5. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT**

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat emosionele eenwording belangrik is vir pasgetroudes en dat die Skriftuurlike beginsels en pastorale riglyne van verlating van ouers, aanklewing, en wording van een vlees lig kan werp op die proses.

### **1.6. METODOLOGIE**

Die studie word benader vanuit die gereformeerde tradisie. Die prakties-teologiese model van Zerfass (vgl. Venter, 1996b:25) sal gebruik word.

Vir die gedetailleerde eksegeese van die basisteoretiese materiaal uit Genesis 2:24 en ander relevante Skrifgedeeltes ten opsigte van die begrippe "verlating van ouers", "saam met sy vrou lewe" en "een vlees word", sal volgens die grammaties-historiese eksegeese gewerk word (vgl. Coetzee *et al.* 1980:12 – 26). Die relevante literatuur sal met behulp van rekenaargesteunde databasissoektogte (ATLA Religion Database, Netscape) gevind, geanaliseer en geëvalueer word.

Ander vakgebiede soos fisiologie, psigologie, sosiologie en die regte, sal deur 'n literatuurstudie geraadpleeg word d.m.v. databasisse (Psyclit, Netscape, Nexus, RSAT) ten einde vas te stel watter navorsing reeds gedoen is in hierdie verband.

'n Kwalitatiewe empiriese studie sal ook gedoen word deur middel van onderhoude.

Die ontwerp van pastorale riglyne sal op grond van empiriese studie asook basisteoretiese en metateoretiese (Anon., 2000b:124-127; Clements & Svenson [2000:110]) gegewens in wisselwerking ontwikkel word.

## 1.7 BIBLIOGRAFIESE EN ANDER TEGNIESE ASPEKTE

Waar verse uit die Bybel aangehaal word, word die 1976 – vertaling van die Afrikaanse Bybel gebruik, behalwe waar dit anders aangedui word.

- ◆ Waar die term “emosionele eenwording” gebruik word, stel dit verlaat, aankleef en een vlees word voor, behalwe waar anders aangedui.
- ◆ Afkortings word gebruik soos uit die 1983 vertaling.
- ◆ In al die gevalle waar die woord beradene (*counsellor*) voorkom kan dit klient/pasiënt impliseer.
- ◆ In al die gevalle waar die woord berader (*counsellor*) voorkom, kan dit terapeut ook impliseer.

## 1.8. VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word beplan:

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot emosionele eenwording by pasgetroudes.

Hoofstuk 3: Metateoretiese perspektiewe op emosionele eenwording by pasgetroudes.

Hoofstuk 4: Praktykteoretiese perspektiewe op emosionele eenwording by pasgetroudes.

Hoofstuk 5: Finale samevatting en gevolgtrekking

## **Bibliografie**

- BYLAE A : Opsomming / Abstract**
- BYLAE B : Vraelys (Afrikaans en Engels)**
- BYLAE C : Brief aan pasgetroudes**
- BYLAE D : Vraelys se punteuiteensetting en beskrywing**

### 1.9. SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK

Probleemstelling	Doelstellings	Metode
<p>Hoe verstaan ons verlating van ouers, saam met sy vrou lewe en een vlees word as die oorspronklike boustene van die huwelik ondersteunend uit die Skrif?</p>	<p>'n Gedetailleerde eksegeese van Genesis 2:24 en relevante Skrifgedeeltes.</p>	<p>Zerfass se basis-, meta- en praktykteorie</p> <p>Die grammaties-historiese metode van eksegeese in die algemeen.</p>
<p>Metateoretiese begrip van emosionele eenwording.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Die fisiologiese, psigologiese, sosiologiese en regsgelede verduideliking van emosies en/of huwelik.</li> <li>◆ Die bepaling van 'n duidelike definisie van emosionele eenwording.</li> </ul>	<p>Literatuurstudie</p> <p>Kwalitatiewe empiriese studie deur middel van onderhoude, vraelyste en rekenaargesteunde databasissoektogte.</p>
<p>Hoe die boustene prakties by pasgetroudes toegepas kan word.</p>	<p>Die daarstel van pastorale riglyne vir pasgetroudes om te kan implementeer.</p>	<p>Die basisteoretiese en metateoretiese gegewens in wisselwerking om uit te kom by die praktykteorie.</p>

## **HOOFSTUK 2 : BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EMOSIONELE EENWORDING IN DIE HUWELIK.**

---

### **2.1 DOELSTELLINGS**

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat die Woord van God verduidelik wat met "verlaat", "aankleef" en "een word" bedoel word.

Met die oog hierop word die volgende temas in hierdie hoofstuk behandel:

Skrifgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament word eksegeties benader om duideliker te kan verstaan wat die Skriftuurlike grondslag is van :

- ◆ Ou en Nuwe Testamentiese perspektief oor die huwelik
- ◆ Verlaat, aankleef en een vlees word

Die genoemde basisteorie (Hoofstuk 2) sal later in hermeneutiese wisselwerking met Hoofstuk 3 (Metateorie) beweeg na die praktykteorie (Hoofstuk 4).

### **2.2 INLEIDING**

Volgens Venter (1993:247-260), word met basisteorie bedoel die ontginning van bepaalde teologiese vertrekpunte primêr vanuit die Skrif, vir bepaalde areas.

Die Bybel, God se Woord, is die enigste boek wat die diepste geheim van die huwelik aan ons kan openbaar, meen Van der Walt (1992:17). Hy sê dis merkwaardig dat die Bybel al klaar in die tweede hoofstuk (Gen 2:24) die groot drievoudige geheim verklap, en dit dan nog soos 'n refrein dwarsdeur die Bybel herhaal word (Matt 19:5; 1 Kor 6:16 en Ef 5:31). Die geheimenis word so eenvoudig in drie woorde beskryf : verlaat, aankleef en een wees.

Phillipps (1997:15) redeneer dat ons eers die oorspronklike plan van God met die huwelik, soos wat dit reeds in die Tuin van Eden vasgestel is, moet begryp, voordat ons in staat sal wees om die doel met een-wees in die huwelik vandag te kan verstaan.

Gelukkig plaas die Bybel in Genesis 1 en 2 die huwelik binne die raamwerk van die hele skeppingsgebeure en die huwelik is dus gewortel in die skeppingswerk van God (De Klerk, 1997:12). Die huwelik is nie deur die sonde genoodsaak nie, maar kom voort uit God se wysheid en was deel van die voormaakte samelewing op die aarde waarbinne God die huwelik as afbeelding van die liefde tussen God en Sy volk ingestel het (vgl. Ef. 5:21-33).

Genesis 2:15 herhaal vers 8, en versterk ook die vers. Tesame vorm die verse 'n eenheid wat God as Voorsiener in die Tuin van Eden beskryf. Genesis 2:16 bevat die eerste gedeelte van die eenheid, en verklaar die mens vry om in die Tuin te wees. In die Hebreeuse geskrif word selfs met 'n uitroepteken beveel: 'Van elke boom in die Tuin, eet!' Dus gee God as die Voorsiener hiermee die vryheid aan die mens. Ook hierdie vryheid vereis egter grense, want geen vryheid bestaan sonder beperkings nie. Hul vryheid beperk hul tot 'n keuse, en die Voorsiener sluit een boom uit waarvan hulle nie mag eet nie, naamlik die Boom van die Kennis van goed en kwaad (Roop, 1987:41).

God het Adam geskape na Sy beeld en na Sy gelykenis (Gen 1:27). Adam was volledig mens, met in hom saamgevat al die eienskappe wat ons beskou as manlike en vroulike eienskappe (vgl. Gen. 1:27; 5:2). Maar hy was alleen sonder 'n hulp en maat (Gen.2:18). God het toe die vrou uit Adam se rib geskape, en spesifiek uit sy sy (Louth, 2001:66; Rogerson, 2001:57). De Klerk (1997:13) verwys na die feit dat God, met die oog op die totstandbrenging van die huwelik, self 'n helper vir Adam gemaak het. Hy vat haar self na Adam toe, stel haar voor en verbind hulle aan mekaar. (Gen 2:22b).

Alhoewel hulle nou TWEE persone was, het hulle saam die EEN geword wie steeds deur God as "Adam" aangespreek is (vgl. Gen 5:2). God het nooit vir Adam se helper 'n naam gegee nie. Adam het haar "i'ssa" genoem toe God hul aan mekaar voorgestel het (Gen 2:23). Dit was Adam wat sy vrou na die sondeval, Eva genoem het (sien Gen 3:20 en vlg Rogerson (2001:58).

Die mens is deur God geskape as 'n driedigige wese: siel, gees en liggaam. (1 Thess. 5:23).

Omdat daar nog geen sondes in hul lewens was nie, het Adam en Eva in volkome harmonie en eenheid gelewe in al bogenoemde drie fasette van hul lewens. Gen 2:25 openbaar meer oor hierdie eerste een-vlees verhouding. Adam en Eva was naak teenoor mekaar - fisies, emosioneel en geestelik - en daar het geen skaamte of onsekerheid tussen hulle bestaan nie (vgl. Phillipps, 1997:17; Van Belle, 1999:26). Omdat sonde nie bestaan het nie, was hulle in siel, liggaam en gees deursigtig vir mekaar, en vry om openlik en eerlik net hulself te wees. Dit was God se oorspronklike plan vir die huwelik.

Satan het besef watter krag daar lê in hierdie eenheidsverhouding tussen een man en een vrou en ook teenoor God, en hy het dus 'n plan beraam om hulle teen mekaar en teen God op te sweep, en so het hy die aanvanklike plan van God vir die huwelik van die mens onderbreek, deur die mens te laat struikel – Gen 3:1-6 (vgl Hayford, 1991: 8; De Klerk, 1997:26; Phillipps, 1997: 19).

Na aanleiding van hul sonde, het Adam en Eva hulle vir mekaar bedek (Gen 3:7), en hul heilige ooreenkoms met God verbreek. Hulle het nie langer Sy guns gehad nie, en hul harte het verhard. Dit bring 'n skeur tussen man en vrou en vertroebel hul verhouding as gevolg van hul verharde harte (De Klerk, 1997:27).

Na die sondeval het die fisiese eenheid in die huwelik oorgebly, want die openlikheid tussen Adam en Eva was bedek met blare. (vgl. Gen 4:1).

Jesus, Christus het gekom as die vryspraak en verlossing van die mens, sodat mens kan terugkeer na die oorspronklike verhouding met God, soos wat dit was voordat Adam en Eva dit verlore laat gaan het (sien Rom 5:18; 2 Kor 5:15 en vlg Best, 1998:538). Galasiërs 3:13a sê dat Christus ons van die vloek van die wet verlos het, en dit sluit die huwelik in (vgl. Deut 28: 30-32).

Deel van Jesus Christus se vryspraak was die herinstelling van die huwelikstandaarde soos wat dit deur God in die Tuin van Eden neergelê was (Matt 19: 3-9; Lukas 16:18, 1 Kor. 7:12-16). In Matt. 19 gebruik Jesus God se oorspronklike plan vir die huwelik as uitgangspunt en verklaar Hy dat egskeiding die gevolg was van verharde harte, en nie ingesluit was in die oorspronklike Godsplan nie (vgl Matt 19:8).

Selfs al in die Ou Testament (Jer 32:39; Eseg 11:19,20) is daar verwys na Jesus wat gaan kom om verharde harte te verander en redding te bring. Deur verlossing word ons harte weer met die Gees van die Here vervul. Net in Jesus kan die huwelik weer alles in God word soos wat dit deur Adam en Eva verloor is. Slegs in Jesus Christus word die huwelik vandag beskerm en bewaar (vgl. De Klerk, 1997:34-35).

Hoewel die mens na die sondeval aan die wedersydse liefde tussen God en mens ontrou geword het, word hierdie liefde, uit genade opnuut gerealiseer in die voorwerp van God se ewige gekose liefde, Jesus Christus, vir die kerk gegee (vgl. Ef 5:23 en Op.21:2,3). Barlow (1999: 3) argumenteer: "Daarom is dit die kerk se verantwoordelikheid om van die begin af sterk huwelike met genoegsame voorbereidings te bou".

Die navorser besef dat slegs deur Jesus Christus die eenwordingsproses in die huwelik vandag moontlik is. Dit gee die navorser die motivering om verder die Woord van God in diepte te bestudeer vir Sy Goddelike riglyne.

## **2.3 OU TESTAMENT**

In hierdie gedeelte sal die hele studie se kernvers (Gen 2:24) bestudeer word en dan ook na Maleagi 2:14-16 gekyk word as motivering.

### **2.3.1 GENESIS 2:24**

God, die Skepper van die heelal, het, nadat Hy alles gemaak het, by homself gedink dat alles goed was, behalwe dat die man alleen was. Hy het daarna uit die man 'n vertroueling/kameraad gemaak wat by hom pas (Gen 2:18). God het iemand gemaak wat anders as hy was, sy teenoorgestelde. Iemand wat Adam self wou lief hê en wat liefde kon teruggee. So het Adam dan iemand ontvang wat sy alleenheid kom vervul het met sprankel en volheid. Hy het iemand ontvang wat saam met hom sou staan deur dik en dun, en saam die aarde bewerk en bewaak. Adam het iemand ontvang wat alles saam met hom kon deel en beleef, en oor wysshede kon redeneer, en wat vir Adam 'n nageslag moontlik kon maak.

Tosato, (1990:390) vermeld die volgende oor die plasing van die verse, naamlik: die vers is ingebou in die gedeelte 2:4b –3;34 wat duidelik bestaan uit twee narratiewe (die skepping van Adam en sy vrou, (2:4b-24); die val van die eerste paartjie, 3:1-24) en 'n oorgangsfase (2:25) wat die twee verbind. Dorney (2004:24) is van mening dat Gen 2:24 waarskynlik 'n latere byvoeging tot die teks was (sien Waltke 2001:900) om die aangetrokkenheid en band tussen man en vrou te verklaar, asook die hiërargie van die tyd aan te spreek.

Sacks (1990:24-25) argumenteer dat ons nie kan verhelp om te wonder waarom God op 'n dag besluit het dat dit nie goed is vir die man om alleen te wees nie. Aangesien daar regdeur Genesis 1 herhaaldelik gesê is 'en dit was goed', kan Sacks nie anders nie as om te dink dat daar 'n groot misterieuse betekenis rondom die woord *alleen* is, en daarom het God sy besluit gewysig.

Volgens Sacks (1990:26) en Rogerson (2001:57) het die man 'n helper nodig, iemand wat hy met sy eie oë kon sien as apart van hom, iemand wat voor hom kon staan. God was in staat om hierdie ander persoon in die man self te vind. Die man het dus inderdaad alles gehad wat nodig was en was dus perfek geskape. Soos God self, was die man 'n volledige geheel, met in homself beide manlike en vroulike elemente, maar onbewus van hierdie volmaaktheid. God moes iets wegneem ten einde dit in meer sigbare vorm terug te gee (vgl Walton, 2001:178). Dit kan dalk verklaar waarom God eers na nabetrugting besluit het dat dit nie goed was dat die man alleen moes wees nie.

Sacks (1990:25) en Tosato (1990:390-391) verduidelik dat God se eerste poging om die man van 'n helper te voorsien, was om hom na die diere te lei. Die oorspronklike plan was dat die man tevrede moes wees (vergenoegd) met homself. Sodat die man die vermiste skakel kon vind, moes hy na die diere gaan en aan hulle name gee. Dit sou hopelik die eensaamheid verdryf. Maar, omdat al die diere in pare was, het die eensaamheid vererger, en Adam het geweet dat daar iets gekort het.

Walton (2001: 175) herinner ons daaraan dat die feit dat Adam nie geselskap onder die diere vind nie, maar soek na een soos hy, in kontras is met die Mesopotamiese literatuur rakende die Gilgamiese fabel-literatuur wat verband hou met die "Gilgamesh Epic".

Die Israeliete kon nie anders as om die kontras tussen die verhale uit Genesis en dié uit Mesopotamië te sien nie. Die Epiëse verhale vertel van Enkidu, die half-mens, half-dier, wat tevrede is met diere se geselskap, totdat hy deur 'n prostituut verlei word wat gestuur is om hom gevange te neem. Genesis daarenteen skets die siening van die man wat wegdraai van die diere en eerder tot 'n vrou aangetrokke voel.

Deur aan haar haar naam te gee oefen Adam sy gesag oor haar uit, hy verkry haar as 'n metgesel, en hy sal nie langer alleen wees nie. Entomologies sal die naam wat aan die vrou gegee is (*issa van is*) haar oorsprong oproep en ook haar funksie of posisie bepaal (Tosato: 1990:391). Rogerson (2001:57-58) is van mening dat Adam haar seksualiteit waargeneem het en haar toe benoem het. En deur die naam bevestig hy dat sy identiteit van haar afhang en haar identiteit van sy bestaan. Rogerson (2001:58), meen dat, "for both of them sexuality originates in the one flesh of humanity."

Verder gaan Rogerson (2001:58) aan om te verduidelik dat die latere daad van ongehoorsaamheid die eenheid tussen die man en vrou heeltemal omgekrap het en dat die een-vlees-eenheid heeltemal in stukke gebreek is. Om die stukkendheid nog verder te bewys gee Adam aan sy vrou 'n naam (sien Gen 3:20) wat weerspieël hy heers oor haar, net soos oor die diere. Hierdie daad volgens Rogerson (2001:58) "faults the man for corrupting one flesh of equality, for asserting power over the woman, and for violating the companion corresponding to him."

Sacks (1990:27) vra 'n baie goeie vraag: waarom is naaktheid 'n skande buite die Tuin maar nie daarbinne nie? Waltke (2001:90) probeer die vraag beantwoord: Man en vrou sien hulself en hul seksualiteit as 'n eenheid en daarom beleef hulle geen skaamte oor hul naaktheid nie. Hul naaktheid is hier 'n toonvenster van openlikheid en vertroue. Met die verlies van hul onskuld tydens hul val, sal hulle dus skaamte en versoeking beleef en voel dat dit nodig is om hul weerloosheid te bedek met kiere (vgl Gen 3:7). Oden & Louth (2001:72) verduidelik verder deur te sê dat hulle geklee was in die glorie van Bo want sonde en ongehoorsaamheid was nog nie 'n faktor nie en het hulle dus nie skaam laat voel nie.

Na die verbreking van die wet was hierdie glorie van hulle afgestroop en toe het hulle beskaamd gestaan oor hulle naaktheid.

Die oorspronklike '*al-ken*' ("daarom"), verklaar sonder enige twyfel dat die skrywer hier beplan om iets te verduidelik deur dit aan te bied as 'n gevolg van wat in die vorige verse vertel is (*issa* afgelei uit Adam) en wat verder volg (*al-ken*, naamlik, verlating van die vader en moeder '*is*' en verbinding van homself aan sy '*issa*') (Tosato, 1990: 398; Alter, 1996:9). Brodie (2001:141-142) is van mening dat, "die prentjie – 'n man gaan van sy ouers na sy vrou – nie net 'n konklusie is van hoofstuk 2 nie, maar ook van die hele skeppingsverhaal. Dit voel asof die vers so kon eindig: 'en hulle het vir altyd gelukkig geleef', wat 'n verskuiwing van die verlede tyd na 'n ander vergestalt. Die skepping word dus so beskryf dat dit by ons natuurlike basiese lewensvorme insmelt.

Uit 'n Ou-Testamentiese perspektief volgens Swanepoel (1996:4) beklemtoon Genesis 1 en 2 eerstens die almag van God as die Skepper-Koning en sy verhouding tot die mens. Die klem val dus op God en nie die huwelik nie. Tweedens, dat Genesis 1 en 2 sekere riglyne oor die huwelik aanraak.

- ◆ Genesis 1: dat beide man en vrou deur God geskape is en dat hul beeld van God is, Sy skaduwee. Hulle is gelyk voor God.
- ◆ Genesis 2: dat die vrou die man se helper is en sonder Eva was Adam nie 'n vervulde en volledige mens nie. Eenheid word as die belangrikste kenmerk van die huwelik bestempel (Swanepoel, 1996:5-6).

Daar word geglo dat hierdie sienings die eerste is in 'n reeks persoonlike opmerkings deur die verteller van Genesis. Dit is hier waar die man en die vrou in 'n huweliksverhouding besef dat een-wees deel van hul Godgegewe natuur is. Volgens Genesis is hulle een vlees, een persoonlikheid (Matthews, 1995:222).

Bogenoemde skrywer (Matthews, 1995:222) sê dat die skepping van die eerste paartjie natuurlik daartoe lei dat hul verhouding as 'n huwelik uitgedruk word, want dit is die paartjie se opdrag om te vermeerder en oor die aarde te heers (1:28). Hierdie vers is nie die voortgesette dialoog van die man nie, maar is die kommentaar van die verteller, wat deur Jesus aan God toegedig word (Matt 19:4-5).

"Daarom" dui nie op 'n verduideliking van die voorafgaande verse nie, maar beskryf eerder die gevolge van God se opdrag aan die mens om te vermeerder en te heers (sien Matthews, 1995:222).

Die huwelik en die gesin is die Goddelike ideaal vir die uitvoer van hierdie mandaat. Soos opgemerk kan word, dui Jesus se verwysing na die Tuin van Eden as die basis van Sy lering oor die huwelik en egskeiding (Matt 19:3-9; Mark 10:2-12), daarop dat daar alreeds in die Tuin 'n paradigma vir huweliksgedrag neergelê is. As 'n model vir die huwelik betrek hierdie paragraaf drie faktore: 'n verlating, 'n eenwording en ook 'n openbare verklaring.

Richardson (1966:69-70) reken dat ons gelukkig is om deur Jesus self die verduideliking van die verse te kry (Mark 10:7). Hy gaan voort om te sê dat man en vrou nie meer twee is nie, maar een vlees. God se bedoeling met die Skepping was dat die voltooide eenheid van die mens, die man-vrou eenheid, onlosmaaklik en lewenslank moes wees. Maar nadat die era van die Wet oor was en die Nuwe Era van die Koninkryk van God begin het, moes God se doelwit, om die man in twee geslagte te verdeel (man en vrou), vervul word in 'wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie' (die huwelik). Jesus Christus se insig word deur God Homself gelykgestel aan die finale waarheid oor die verhouding van die geslagte. Daar word gekonstateer dat die monogame huwelik gefundeer is in die aanvanklike orde van gebeure soos deur die Skepper self bepaal. Die huwelik is dus nie 'n mensgemaakte instelling of sosiale reëling wat net relevant is in sekere stadiums van sosiale evolusie of vir die gemak van die deelnemende partye nie.

Dit is 'n deel van die natuurlike orde en niks anders as hartseer en ongelukkigheid sal volg as hierdie Goddelik ingestelde natuurlike wet oortree word nie.

Alhoewel daar geargumenteer word dat nêrens in Genesis 2 die term huwelik voorkom nie, word daar van so 'n lewenstyl gepraat, naamlik dat twee persone (man en vrou) 'n intieme, lewenslange verantwoordelikheid in alle aspekte teenoor mekaar het. Dit is die Bybelse definisie van die huwelik (Butting, 2000:81).

Hierdie gedeelte word deur Dearman (1998:118-119) gesien as deel van die wortel of ontstaan van gesinne. Soos aangedui, is die woord "vlees" 'n erkende term vir bloedfamilie in die Ou Testament – Gen 37:27; Lev 18:6. Wanneer die verteller bevestig dat 'n man sy ouers sal verlaat en met sy vrou verbind word, word die een-vlees duidelik meer as 'n huwelik; dit veronderstel ook die vorming van 'n bloedverwantskap, met kinders, en dit vorm 'n gesin. "Een-vlees" beskryf dus nie net wat met die man en vrou gebeur tydens fisiese eenwording nie, maar ook met hul nageslag, wat deel van hul "vlees" is. Die geboorte van elke kind illustreer die biologiese en sosiale verbintenis van die mens.

Butting (2000:89) herinner haar lesers dat Gen 2:24 as 'n belofte gesien moet word. Net soos Abraham van sy land, ouers en familie moes wegtrek om die land wat God vir hom en sy nageslag voorberei het, te kan ontvang, (Gen 13:17), net so moet 'n man sy ouers verlaat en sy vrou aankleef om die volheid en volmaaktheid wat God vir hom bied, te kan ontvang en beleef. Soos Batto (2000:629) sê: "Marriage is the bond that reunites male and female into a natural community of wholesomeness."

### 2.3.2 MALEAGI 2:14-16

Wat uit hierdie stuk vir die navorser na vore kom is eerstens, dat God self as 'n getuie staan tussen man en vrou wanneer hul gaan trou. God self noem daardie verbintenis 'n *verbond* (Mal 2:14) wat getrouheid en "enduring commitment" weerspieël. Tweedens, die doel van die huwelik is ook om Goddelike geslagte voort te bring (Mal 2:15). Die laaste aspek wat genoem word is dat egskeding inbreuk maak op God se bedoeling met die huwelik en dat ontrouheid gesien word as geweldpleging – teenoor God se instelling van die huwelik, en teenoor die ander helfte (Mal 2:16).

Voordat Maleagi verder bestudeer word, moet daar eers gekyk word wat "verbond" beteken.

VanGemeran (1997:752-753) verwys na die woord, *berit* wat beteken ooreenkoms/alliansie wat noodsaaklikerwys verstaan word as verhouding.

Die betekenis van 'verbond' in die Ou Testament kan bepaal word, deur die konteks te ondersoek waar dit gebruik word. Navorsing het getoon dat "gesamentlike verbintenis" gereeld opduik wat tegelykertyd beide God se inisiatiewe in die ooreenkoms erken, sowel as om aan te dring op die realiteit en noodsaaklikheid van die mens se keuse. Die verbonds-idee is ontwikkel tydens die geskiedenis van Israel, met veral die Sinai-gebeurtenis wat van kardinale belang was. In die Ou Testamentiese Teologie bestaan die hooftemas uit dimensies of afdelings van die verbondsverhouding (byvoorbeeld die mag, standvastige liefde, regverdigheid, woede, heiligheid van God). Al hierdie kwaliteite van God manifesteer in God se verhouding in die algemeen met Sy skepping (Ps 143:1).

Die verbond as 'n Teologiese begrip is duidelik Bybels. Dis is die Bybel se respons op daardie religie wat 'n sekere sosiale struktuur reflekteer en regverdig.

Daarom word die verbond 'n lewenswyse waarop die mens sy ondergeskiktheid aan 'n liefdevolle God betoon (vgl ook Freedman, 1992: 1179 – 1202).

Volgens Hugenberger (1994:149) is die mees opvallende ooreenkoms tussen Genesis 2 and Maleagi 2 die feit dat die primêre verpligting in die huwelik, soos in albei hierdie verse beklemtoon, nie een is van die vrou teenoor haar man nie, soos wat 'n mens sou verwag van die vroeëre gebruike nie, maar een van die man teenoor sy vrou. Hill (1998: 241) definieer die huwelik as 'n "partnership of mutual companionship, faithfulness and loyalty."

Brown (1996:198) wys daarop dat die sleutelmotief van hierdie gedeelte die belangrikste is. Dit is een God wat die hele mensdom geskape het (v.10) en getroue eenheid in die huwelik beveel (vv. 14-16). In Maleagi is die "conventional sanctity of marriage in the very unity of God" gesetel. Gevolglik, as die band van die huwelik verbreek word, tas dit nie net die huweliksverbond aan nie (v 14b) maar vervloek die verbond wat die eenheidsooreenkoms tussen God en Israel was. Uiteindelik verbreek dit die eenheid van Israel se identiteit wat sy unieke grondslag in die Skepper het (Brown, 1996:199).

Die verhouding met jou huweliksmaat kan nie los bestaan van die verhouding met God nie. Hierdie teks bied twee besondere kenmerke van die huwelik naamlik:

- die huwelik is in die skeppingsdaad van God gegrond (v 10 &15);
- 'n doel van die huwelik is dat God geëer sal word deur verbondskinders wat gebore word (vgl Mal 2:15 & Vosloo en J van Rensburg, 1993:1349-1350).

Net soos wat God Adam en Eva geskape het om "een" te wees in hul huwelik, so moet die man en vrou van Maleagi se tyd ook beseef dat God hulle gemaak het om "een" te wees (Mal. 2:14).

Wat baie belangrik was vir Maleagi is dat die mense moes beseef het dat God 'n getuie saam met die man en sy vrou is en Hy hom aan die huwelik verbind en as gevolg van die ontrouheid van die mens (Petersen, 1995:202; Reddit, 1995:172), aanvaar God nie meer die offer nie (v14).

Hugenberger (1994:166-167) twyfel of die karakter van Adam en Eva se huwelik, deur Maleagi as 'n verbond "to create a unity between unrelated persons", geïdentifiseer kon word, ten spyte van die feit dat die woord "verbond" nie in Genesis 2 genoem word nie. Na sy eie bestudering van die teks (Gen 2:24) het hy tot die konklusie gekom dat die woordeskat en konteks, naamlik dat dit die man se verantwoordelikheid is om sy ouers te verlaat, en sy vrou aan te kleeft, gereeld geassosieer word met die begrip "verbond". Dus kan Adam en Eva se huwelik in die lig van 'n verbond gesien word.

## **2.4 NUWE TESTAMENT**

Soos gesien in punt 3, het God in die Ou Testament ons die belangrikheid van die huwelik verduidelik. Theron (2004:23) en Hunter (1992:1-2) meen albei dat "the Western world's marital ethos was influenced by the early Christian thoughts on marriage". Hulle is ook van mening dat dit vandag belangrik is vir Christene om aandag te gee aan die vorige generasie se tradisies, want dit verskerp hul identiteit in die huwelik en die kerk.

Connock en Van Rensburg (2001:80) stem saam dat die Nuwe Testament die Ou Testament se huwelikskodes en -tradisies herhaal. Dit is belangrik om tog te gaan kyk wat Matteus in Matt 19:5-6 en Paulus in Ef 5: 21-31 weergee oor die kodes van die huwelik.

#### 2.4.1 MATTEUS 19:5-6

God se bedoeling met die skepping van man en vrou, was dat hulle *altyd* mekaar se vertroueling en kameraad sal wees. God het hulle vir mekaar geskape, nooit met die doel dat hul afsonderlik van mekaar moet funksioneer nie. Hy het hul as een geskep en bymekaar gevoeg (Matt 19:4). Daarom verwys Jesus (vers 5) terug na Genesis 2:24, wat God se logiese volgorde van stappe/prosesse is om weer die twee helftes te verenig.

Niemand mag tussen hierdie eenheid kom nie, want God het hul aanmekaar verbind (vers 6). Die rede hoekom skei bestaan het, was omdat die mense se harte teenoor God en mekaar verhard het. Toe het Moses die skeibrief ingestel om die vrou teen goddelose mans te beskerm. Maar Jesus sê dat skei nooit van die begin af daar was nie, en nooit in die perfekte wil van God is nie (vers 8).

Hare (1993:220-221) interpreteer dat Matteus die argument omkeer deurdat Jesus eers die Skepper se oorspronklike wens vir die huwelik voorhou, en daarna die gevolge aanspreek van die gedeelte in Deuteronomium. Enige sinvolle behandeling van egskedding, suggereer Matteus, moet eers voorafgegaan word met 'n studie van God se bedoeling met die huwelik. Genesis 2:24, vertolk teen die agtergrond van die skepping, suggereer dat God die man en die vrou in die huwelik verbind, en wat God doen, het permanente waarde.

Jesus korrigeer sy teenstanders deur uit te wys dat Moses nie egskedding beveel het nie. Hy het dit bloot toegelaat as gevolg van die sondige staat van lewe wat ontstaan het deur die val van Adam en Eva. Hierdie plan was nog nooit God se plan vir die man en die vrou nie.

Onontbindbaarheid is dus deel van die wese van die huwelik. Die Woord van God is duidelik oor hierdie standpunt. Matteus 19:6 moet egter saam met die instelling van die huwelik by die skepping gelees word, want Jesus sê spesifiek dat die huwelik van die begin af onontbindbaar bedoel was (Pieterse, 1977:18-19). Daar word ook nie getwyfel dat God albei eggenote verantwoordelik hou vir die instandhouding en duursaamheid van die huwelik in die huwelikstrou nie. God waak steeds in Sy genade oor die onverbreekbaarheid van die huwelik (De Klerk, 1997:39).

Hagner (1995:550) en Davies et al (2000:10) is van mening dat hierdie perikoop (Matt 19:5-6) ons op die *"absoluteness of the kingdom of God and its ethics"* wys en dat God se geskape orde 'n gids is vir die morele orde. Aangesien God nie egskeiding as deel van die Tuin van Eden bedoel het nie, word egskeiding ook nie toegelaat in die nuwe era/huidige tydsraamwerk van die Koninkryk van God nie. Hagner voel dat die Genesis-verhaal die wil van God beskryf (vgl Mal 2:16). Dit is ook inderdaad die oorspronklike wens van God soos bepaal in die Skeppingsverhaal self, dat as 'n man en 'n vrou in die eg verbind word, word hulle verenig in een vlees.

Stubbings (2000:411) argumenteer dat, alhoewel God die huwelik so ingestel het dat 'n paartjie 'n leeftyd van eenheid, kameraadskap (vgl. ook Witte, 1997:215), sekuriteit en hoop kan ervaar, het hy mettertyd ervaar dat: *"that very place of hope has become a battleground, with violence, hurt and hate affecting everyone involved, where every attempt to reconcile and heal has been tried but without success; how long is it possible to call such an existence, marriage?"*

Volgens Channel Four in Bolton, glo die meerderheid jong mense van vandag alreeds dat *"nothing is expected to last for a lifetime, neither work nor relationships; they last whilst they are fulfilling or until they are outgrown"* (Stubbings, 2000:410)."

Ongelukkig het die instelling genaamd "Huwelik" al so baie fundamentele veranderings ondergaan dat die kerk se siening gedwing word om te verander.

Volgens Anon (2000a:40) het die Protestantse Hervormers die volgende gedoen: *"Marriage was moved out of the sacred sphere and into the divinely ordained civil sphere. They began to unpack marriage in its fullness:*

- ◆ *a divine gift for mutual support and fulfilment of the couple,*
- ◆ *a holy protection of the individual from sexual sin and*
- ◆ *a microcosm of society in which the future members of society were nurtured and formed".*

Hagner (1995: 548) en Blomberg (1992: 290-291) redeneer dat God se plan vir die een-woord van man en vrou beteken dat hulle een vlees word. God het hulle saam ingespan in 'n misterieuse eenheid. Hierdie eenheid, soos ingestel deur God in die skepping van die mensdom, mag nie deur die mens verbreek word nie. Stubbings (2000:411) besef dat die huwelik al moeiliker raak, maar vir hom beteken dit dat daar net meer gebid moet word vir leiding van die Gees oor hoe Jesus dit sou doen om eenheid en vreugde terug in die huwelik te bring.

#### **2.4.2 EFESIËRS 5:21-31**

Hier word die gedeelte begin met "vroue, wees aan jul mans onderdanig", en dan volg "mans, julle moet jul vroue liefhê, soos jouself (verse 22-24)". 'n Mens wonder of dit nie dalk die hele geheim is van die emosionele eenwordingsproses nie? Weereens word Genesis 2:24 aangehaal (vers 31) en Paulus noem dit 'n groot verborgenheid (vers 32). Hierdie gedeelte word dan weer afgesluit met die man wat sy eie vrou moet liefhê en dat sy vrou hom moet eerbiedig (so belangrik dat dit aan die begin en einde van die gedeelte is – asof dit dalk iets tot die verborgenheid kan openbaar of bydra).

Verder word daar deurgaans ook genoem dat die huwelik die rolmodel van Christus en Sy kerk aan die mense is, met die oog op Christus. Geen wonder daar is soveel aanvalle op die huwelike nie, want sodoende word die beeld van Christus en sy kerk verdof.

Vosloo en J van Rensburg (1999:1578-1579) reken dat eenwording van man en vrou so finaal en omvattend is, dat enigiets wat die een raak, ook die ander sal raak. Eenheid in die huwelik beteken nie dat 'n mens jou eie persoonlikheid moet prysgee en geheel en al net vir jou maat moet leef nie. Dit beteken dat jy na jou maat moet omsien soos na jouself en dat jy jou maat sal help om sy/haar volle potensiaal te verwesenlik. God gaan ook jou huwelik gebruik om jou maat iets te laat begryp van die wonder van die verhouding tussen ons as bruid en ons Bruidegom, Jesus Christus (vgl. Pieterse, 1977:22), soos die Puriteine die huweliksinstelling verstaan het as 'n *"institution of marriage as a training ground in the learning of affection, one that ever led to Christ's even more compelling beauty"* (Lane, 2000:387).

Die hoofskap van die man is in eg-Bybelse sin 'n amptelike hoofskap (Pieterse, 1977:20). Die man moet die vrou voorgaan in diensbetoning en liefde (vgl. v 22-33). Daar is geen plek vir selfsug in die Christelike huwelik nie (vgl. Crabb, 1982:41-44). Uit Ef 5:21-31 is daar definitiewe verantwoordelikhede vir die man en vrou afsonderlik voorgeskryf.

#### **2.4.2.1 Man teenoor vrou**

##### **a) Man moet sy vrou liefhê**

Die ware krag en betekenis van 'n man se liefde aan sy vrou word duidelik geopenbaar in die verhouding tussen Jesus Christus en sy kerk (sien Ef 5:25). Jesus Christus het sy kerk liefgehad ondanks haar sondes, skuld en doemwaardigheid en dat sy Hom aan die kruis besorg het en dat die kerk Hom nie altyd liefgehad het nie.

Net so moet die man sy vrou nie net liefhê omdat sy mooi is en goed vir hom doen nie. Hy moet haar ook in die tye wat sy hom die minste respekteer, die kwaadste maak en minag, lief hê – net soos Jesus Christus.

Verder het Christus nie opgehou om sy kerk mooier te maak nie. Paulus sê dat Hy voortgegaan het om sy kerk te heilig en te reinig en voor Hom te stel as verheerlik, sonder vlek of rimpel ( sien Ef 5: 26,27).

Net so moet 'n man nie ophou om sy vrou mooier (fisies, geestelik en emosioneel) te maak nie, sodat sy 'n beter mens (en vrou) kan wees.

Volgens Kolossense 3:19 behoort 'n man nie maklik bitter teenoor sy vrou te raak, as hy hierdie opofferende, blywende en daadwerklike liefde vir sy vrou het nie – al gee sy aanleiding daartoe. Dus pluk die man die vrugte van sy liefde vir sy vrou.

**b) Man is die hoof van sy vrou**

Die man moet altyd in gedagte hou dat hy hierdie gesagsposisie nie deur sy eie toedoen (wysheid: psigies, fisies of intellektueel) ontvang het nie, maar dat dit 'n Godgegewe taak is (Ef 5:23).

As die hoof van die vrou, is die man verantwoordelik vir die vrou se stoflike en geestelike welsyn, net soos Jesus verantwoordelik was vir Sy kerk se redding, heiligmaking en verheerliking (Ef 5: 25 -27).

Verder moet die man nie neerkyk op die vrou as die swakker geslag nie, maar dit eerder sien as 'n geleentheid om haar as hulp te kan bystaan (1 Pet 3:7). Laastens maar nie die minste nie, moet die man as hoof sy vrou gedurig voed en koester (Ef 5:25-29).

#### **2.4.2.2 Vrou teenoor man**

**a) Vrou moet onderdanig aan haar man wees**

Die Nuwe Testament is vol voorbeelde en redes (sien 1 Kor 11: 3-12; 1 Petrus 3: 1,5,6; Ef 5:22-24) dat die vrou aan haar man onderdanig moet wees. Onderdanigheid vir 'n vrou is nie 'n teken van minderwaardigheid of oneer aan haarself nie, want mans is weer onderdanig aan Christus (vgl. 1 Kor 3:21-23).

Onderdanigheid beteken ook dat die vrou die man moet respekteer en eer. As hoof van die huis staan die man in dieselfde lig as Christus en die Kerk.

Onderdanigheid en respek vir jou man is ook 'n belangrike sleutel tot emosionele eenwording by pasgetroudes. Die rede hiervoor is dat, wanneer die man gerespekteer word as hoof, voel hy dat hy homself nie hoef te bewys of verdedig nie – dadelik is sy siel “naak” voor sy vrou en kan 'n dieper verhouding gebou word en die man voel veilig om sy vrou nader aan hom toe te laat.

Anon (s.a. : 11) beweer dat seksuele vervulling nie net 'n genot in die huwelik is nie, maar ook 'n leerskool vir intimiteit en nabyheid aan God:

*The theological and psychological parallel between letting go sexually, is an orgasmic release, and in accepting one's dependence upon God is quite apparent. It appears that the finest, most sublime foretaste of heaven (overcoming separateness and attaining oneness) lies in sexual intercourse and that God wants us to experience this joyful foretaste of heavenly unity.*

Paulus was ten volle bewus van die letterlike betekenis van Genesis 2:24, maar hy het die misterie van die kosmiese eenheid in Christus, en veral die eenheid tussen Christus en sy liggaam, beskou as alreeds voorafbepaal deur die huweliksband.

Paulus vertolk die huwelik as 'n Christus-kerk eenheid; daardeur omvorm hy die begrip van die huweliksverhouding, en toon so aan die wêreld hoe die ideale huwelik behoort te lyk (vgl. Carson et al. 1998:1242 en Lincoln, 1990:380-385) .

Oden & Louth (2001:70) is uitgesproke oor die feit dat van die begin af die vrou se skepping uit die rib van Adam simbolies gerig was op die profetiese skepping en eenwording van Christus, Jesus en Sy kerk. “Adam se slaap was 'n mistieke voorskouing van Christus se dood, en toe Sy liggaam aan die kruis deurboor is met die swaard het die bloed en water uit Sy sy gevloei. Hierdie tekens dui op die sakramente waarmee die Christelike kerk opgebou is. Gebou is die presiese woord wat die skriftuur ook gebruik met Eva”. So ook praat Petrus van die “opbou van die liggaam van Christus” (sien ook Lincoln, 1990: 381; Best, 1998:529-561).

'n Terugblik na die kruisiging laat die navorser wonder hoekom Jesus se ma by die kruis was. Was dit om Genesis 2:24 net weer te bevestig, deurdat sy hom totsiens kon sê sodat hy haar kon verlaat om met sy toekomstige Bruid een te word?

Volgens De Klerk (1997:111) het die huwelik 'n dieper betekenis. God het die huwelik, deur die spesifieke manier waarop Hy man en vrou geskep en in die huwelik verbind het, op die ewige gerig en sodoende daaraan ewigheidsbetekenis gegee as heenwysing na die eskatologiese eenheid tussen God en Sy volk (vgl ook Lane, 2000:379).

Deur die oorwinning van die Here Jesus is die oorspronklike bedoeling van God met die huwelik volkome herstel. Die huwelik, as musteron, is in die nuwe bedeling tot 'n afskaduwing (vgl. De Klerk, 1998:8) van die liefde van Christus en Sy kerk herskep. In die liefde tussen man en vrou spieël die Here in Sy genade Sy liefde vir die kerk totdat Hy kom (vgl Op.22:17&20).

Vir die navorser is dit dus duidelik dat God die huwelik ingestel het en dat Sy Woord in die Ou en Nuwe Testament die belangrikheid van die huwelik aantoon en bevestig, maar as gevolg van die sondeval is eenheid in die huwelik nie meer so natuurlik soos in die Tuin van Eden nie. Deur Christus het daar weer hoop vir die eenwording tussen man en vrou gekom.

Die navorser wil vervolgens konsentreer op “verlaat”, “aankleef” en “een vlees”, en meen dat daar meer duidelikheid/verklaarbaarheid oor die eenwordingsproses gevind kan word.

## **2.5 DIE DRIEVOUDIGE GEHEIM**

### **2.5.1 VERLAAT / LEAVE**

Die Dictionary of Old Testament Words for English Readers (1977:232) gee 'n paar definisies vir die Hebreeuse woord 'azav' nl:

- ◆ “depart” (ouerlike gesag) – Gen 44:22; Matt 4:13
- ◆ “loose” (verantwoordelikheid as 'n kind) – Ex 23:5; Deut 32:26
- ◆ “forsake/abandon” (verander lojaliteit) – Jer 1:16; Lukas 10:40

*"The traditional translation 'leaves' suggests that the man moves from his parents and sets up home elsewhere. The leaving was to be understood in a relative sense, not an absolute sense (Gordon, 1987:70-71)".* Hamilton (1991:181); Van der Walt (1992:18) en Matthews (1995:222) bevestig bogenoemde stelling van Gordon.

VanGemerén (1997:364) werp lig op die woord Azav. Die wortel van die woord kom in 30 boeke van die Ou Testament voor. God, die volk Israel, en individuele mans en vrouens is die mees algemene onderwerpe vir hierdie werkwoord. Wanneer God die onderwerp is, is die mees algemene voorwerp die volk (Jer. 12:7), of 'n individuele koning (2 Kron 32:31). Daar word minder dikwels verwys na wanneer mense mense verlaat.

Daarom, wanneer daar in Gen 2:24 verwys word na 'n verbond in die kommentare, beteken dit dat die Skrywer die Israeliete wou laat verstaan hoe ernstig die huweliksverbintenis is aangesien hulle goed geweet het wat beteken die verbond met God (sien 2.3.2).

Gordon (1987:70-71); Hamilton (1991:181); Van der Walt (1992:18) en Matthews (1995:222) stem almal saam dat die huwelik die man se prioriteite verander: sy verantwoordelikheid verskuif van sy ouers na sy vrou. In die "tradisionele" gemeenskappe soos Israel, was, om jou ouers te eer, die hoogste menslike verantwoordelikheid naas om God te eer. Dit is waarom hierdie opmerking van verlating so treffend en effektief was.

Hierdie stelling word deur Hugenberger (1994:160) ondersteun as hy sê dat "verlaat" dikwels elders in figuurlike vorm gebruik is, waar dit dan suggereer dat mens jou verbintenis met 'n ander prysgee (vgl Gen 24:27; Jos. 1:5), en ook kan dui op jou verbondsverbreking (vgl Deut. 29:24; 31:16).

Die term 'verlaat' klink so permanent en negatief, maar in werklikheid is die effek net positief. Drie redes word deur Wilkinson (2002:5) gegee, naamlik:

- ◆ Jy het nie nou meer net een pa en ma nie, maar twee vir wie jy lief kan wees;
- ◆ om onafhanklik van jou ouers te word en
- ◆ dit is die sleutel om suksesvol aan jou eie man/vrou te kleef.

Volgens Van der Walt (1992:18) is die moeilikste aspek van hierdie verlaat seker die emosionele. Ma's huil op die troue, want hulle weet dat hul seun/dogter nou die ouerhuis verlaat.

Tog lyk dit of die losmaking vir die getroude paartjie makliker is, maar nog steeds gebeur dit dat die bruid tog te styf aan haar pa vashou en dat die bruidegom dink dat sy ma baie dinge beter as sy vrou kan doen en hy het self nog nie sy ma se rokspant heeltemal gelos nie. Die verlaat, hoe moeilik ookal, is egter 'n inherente deel van die huwelik.

Op grond van die voorafgaande kan verlaat nie gesien word as 'n permanente weggooi, wegbly of vergeet van jou ouers af nie, maar 'n losmaak van jou ouers se outoriteit en tradisies sodat:

- ◆ die man:
  - die hoof/otoriteit kan begin inneem
  - sy lojaliteit verskuif van sy ouers na sy vrou
  - 'n nuwe "commitment" met haar kan sluit
  - sy vrou kan aankleef, omdat sy nou die belangrikste in sy lewe is.
  
- ◆ die vrou:
  - onder haar man se outoriteit kan inbeweeg – nie meer haar pa s'n nie
  - haar man aankleef en hom bemin as haar man, en
  - saam met haar man, nuwe tradisie vir hul eie gesin sal skep.

## 2.5.2 AANKLEEF / CLEAVE

Die term 'aankleef', word in die Woord van God deur sekere verse gedefinieer as (vgl. Wilkinson, 2004:9):

- ◆ "pursue (chasing after each other)" – 2 Kron 18:33, 1 Kor 6:16
- ◆ kleef (soos vleis aan been) aan mekaar – 2 Sam 23:10, Lukas 10:11
- ◆ "remain" (lojaal en toegewyd teenoor mekaar) – 2 Sam 20:2.

Van der Walt (1992:18), verduidelik dat, in die oorspronklike Hebreeus, "aankleef" op die innige liefde of hegte, onverbreeklike trou dui. Trou beteken betroubaarheid, egtheid, opregtheid, integriteit en getrouheid wat lewenslank geld. Hy is van mening dat aankleef die belangrikste een van die drie is, want dit ontbloot die heel diepste geheim van die huwelik en sonder getrouheid in die huwelik - omdat daar geen aankleef bestaan nie - gaan dit onherroeplik op die rotse loop.

Gordon (1987:71) definieer aankleef as "sticks to his wife". Hy is van mening dat hierdie aankleef, beide passie en optrede moet uitbeeld. Israel was herhaaldelik geforseer om by God te bly – Deut 10:20. Die terme "leave" en "stick", in die konteks van Israel se verbond met God, suggereer dat die Ou Testament die huwelik as 'n tipe van verbond sien (vgl Hugenberger, 1994:160).

*"The word 'cling' says Hamilton, (1991:181) often designates the maintenance of the covenant relationship (Deut 4:4; 10:20; 11:22)".* Dus, om jou pa en ma te verlaat en jou vrou aan te kleef, beteken om mekaar lojaal te dien en voortdurend op te bou.

God se bedoeling met aankleef, is dat die man een moet word met sy vrou op 'n manier wat haar diepste behoefte aan sekuriteit bevredig. Sy weer, moet een word met die man op so 'n manier dat dit sy hunkering aan erkenning en belangrikheid bevredig.

God het die huwelik so beplan dat dit moet ontwikkel in 'n intieme verhouding waarin die waarheid beleef word dat die egpaar se diepste behoeftes aan erkenning en sekuriteit in Christus bevredig word.

Die Bybel sê dat toe God Eva aan haar man gegee het, hulle een vlees geword het; dit wil sê, hulle het ten volle 'n verhouding van een-wees ervaar. Die doel met 'n huwelik is dat hierdie soort verhouding sal ontwikkel (Crabb, 1982:22). Volgens Golzmane (2000:294) moet paartjies net daarop let dat "unmet expectations" in hul verhouding, diep skeure in hul eenheid veroorsaak, as dit nie in die reïne gebring word nie (vgl. Spreuke 13:12).

Matthews (1995:223) verduidelik dat *"Marriage involves the two united in commitment; two parties are bound by stipulations, forming a new entity or relationship. The two people, although freed from their parents, are not isolated or independent; they become dependent and responsible towards one another"*.

Met die aankleefproses, soos wat deur Matthews hierbo gedefinieer is, moet daar besef word dat elke huwelik uniek is (vgl. ook Coetzee, 1990:12) en sekere behoeftes beleef wat eie is aan die paartjie (Barlow, 1999:5). Wat vir die een huwelikspaar belangrik is, is onbelangrik vir 'n ander. Lester & Lester (1998:14-15) voeg by dat daar 'n balans tussen "togetherness and privacy; attachment and separation" moet wees om die aankleefproses te vergemaklik.

'n Voorlopige opsomming van voorafgaande is dat die aankleefproses iets is wat die navorser sien as 'n emosionele lewensreis. Op die ou einde is dit nie die bestemming (om aangekleef te wees) wat die belangrikste is nie, maar die reis (om aan te kleef) daarheen. Want dit is tydens die reis dat twee mense mekaar outomaties so respekteer, versorg en liefhet, dat daar 'n oorweldigende begeerte is om in mekaar te wil groei, sodat hulle een kan wees en leef!

### 2.5.3 EEN VLEES / ONE FLESH

*Flesh means more than the physical side of life; it is the medium through which the whole personality communicates, longings, joys and fears* (Cambridge Bible, 1973:38).

Fretheim, (1994:354); Matthews, (1995:222) is van dieselfde opinie as bogenoemde.

Hugenberger (1994:161) redeneer dat die huidige orde van “hy sal verlaat” en “hy sal aankleef”, gesien word in die lig van die semantiese implikasie van “aankleef” as uitdrukking van voortgesette “vas wees aan/deel wees van”. Mens kan verwag dat die derde lid van die volgorde (een vlees), ook na ‘n volgehoue toestand, eerder as net ‘n eenmalige daad van gemeenskap, verwys.

Van der Walt (1992:18) definieer “een vlees” as die speelse, spontane, gratis, vreugdevolle, volledige liggaamlike oorgawe aan iemand anders, en die net so vreugdevolle ontvang van iemand anders. Hy is van mening dat, in die Bybelse geheim vir ‘n gelukkige huwelik, die aankleef (getrouheid) egter nie sonder rede voor die een vlees aangetref word nie. Die volgorde is deurslaggewend. Die wedersydse trou lei tot geslagtelike eenwording en nie omgekeerd nie. Van der Walt (1992:19) glo dat seks nie trou skep nie, maar die daad openbaar, bevestig, versterk en verdiep trou aan mekaar. As daar nie tussen man en vrou op baie terreine eenheid is en eenheid groei nie, sal die seksuele band ook gou-gou sy krag verloor (vgl. ook Coetzee, 2000:26).

Die seksuele eenwording van ‘n paartjie is simbolies van die nuwe “kinship” wat hulle twee saam betree. Die seksuele daad put nie die huwelik uit nie, want die huwelik behels baie meer (Matthews, 1995:223 en Dearman, 1998:118-119).

Vir Lester & Lester (1998:61) gaan dit ook daaroor om ‘n dieper intimiteit te ervaar, deur mekaar dieper in hul “sacred places” van hulle harte en denke in te nooi en deel te maak (vgl ook Vankatwyk, 2000:364). Vir Lemmer (1998:46-47) is hierdie eenwording ‘n sleutelkonsep wat die huwelik definieer, en dit is die diepste kommunikasie tussen twee persone wat in ‘n liefdesverhouding saamgevoeg is.

Fries (2001:10) is van mening dat die huwelik die enigste manier is hoe man en vrou die volheid van God kan geniet. Die huwelik is so ontwerp om God se oneindige liefde vir sy mense te illustreer, dat die seksuele daad in 'n permanente "gee van jouself"-konteks (vgl Van Belle, 1999:28) moet plaasvind.

In Spreuke 30:18-19 vergelyk die skrywer die seksuele aantrekkingskrag tussen 'n man en 'n vrou met een van die wonders van die natuur. God het seksuele eenwording bedoel as een van die aangenaamste sensasies wat terselfdertyd ons diepste emosionele behoeftes aan geborgenheid en sekuriteit vervul, asook ons spanning verlig. Die liefdeseenheid lei tot wedersydse afronding en aanvulling (Anon, s.a. : 2-3).

*"Sexual intercourse is only as good as the extent of their unit allows it to be"*, glo Van Belle (1999:27). Hieruit blyk dit, dat alhoewel die seksuele daad die mees intieme ervaring is, hang die intensiteit af van hoe ver die aankleef (emosionele) proses is.

Seksuele gemeenskap vir die navorser word nou gesien as 'n "fragile" geskenk wat God aan die huwelik skenk, sodat in die oomblik van naakte openbaring aan mekaar, koestering, emosionele versorging en intimiteit beleef en ervaar kan word wat kan lei tot standvastigheid van die huwelik

## **2.6 Basisteoretiese perspektiewe saamgevat**

- ◆ God het die huwelik ingestel en Sy Woord bevestig dit in die Ou en Nuwe Testament.
- ◆ God sien man en vrou as een; Hy't hul so geskape. Man en vrou vul mekaar aan en bring volheid in die huwelik.
- ◆ As gevolg van die sondeval is eenheid in die huwelik nie meer so natuurlik soos in die Tuin van Eden nie.
- ◆ Deur Christus, wat aan die kruis vir ons sondes gesterf het, het daar weer hoop en herstel vir die eenwording tussen man en vrou gekom. Dit vereis nou net harder werk om daardie natuurlike eenwording wat God vir die huwelik bedoel het, te bereik.

- ◆ Deur die Heilige Gees word ons harte vir mekaar in die huwelik sag gemaak sodat ons aan die volmaakte eenwording kan werk.
- ◆ Die mens is as gees (geestelike), siel (emosionele) en liggaam (fisiese) geskape. In die huwelik moet al drie van hierdie fasette in harmonie wees, sodat die aankleefproses makliker kan plaasvind.
- ◆ Die Goddelike natuurlike fondasie vir 'n huwelik is een man en een vrou vir mekaar, vir altyd.
- ◆ God self staan as 'n getuie wanneer man en vrou in die huwelik bevestig word en Hy noem die verbintenis 'n verbond. Hy self beskerm die huwelike van Sy kinders.
- ◆ God se bloudruk van die huwelik het glad nie egskeiding ingehad nie, maar as gevolg van verharde harte van mense teenoor God en mekaar, was egskeiding ingebring. Maar dit is nie wat God bedoel het vir Sy mense nie.
- ◆ God gee self die logiese volgorde van prosesse om by eenwording uit te kom:
  - verlaat ouers (om eie outoriteit te neem en lojaal aan jou maat te wees en 'n eie tradisie te skep)
  - kleef aan mekaar (sodat emosionele openlikheid kan heers waar daar verdraagsaamheid en aanvaarding vir mekaar se verskille/gewoontes is) en
  - een vlees wees (om die verborgenheid van intimiteit te ervaar).
- ◆ Met God as die Skepper van hierdie misterieuse verbond, kan 'n paartjie net op die goeie Vader vertrou om hierdie kosbare eenheid te beskerm.
- ◆ Met verwagting kan 'n paartjie in die huwelik op die uitkyk wees vir kosbare riglyne, wat duidelikheid sal bring oor die Bruidegom (Jesus Christus) se verhouding met ons, Sy bruid.

## **HOOFSTUK 3 : METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EMOSIONELE EENWORDING (VERLATING, AANKLEEF EN EEN VLEES WEES).**

---

### **3.1 DOELSTELLINGS**

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan:

- ◆ Emosies
- ◆ Huwelik
- ◆ Empiriese navorsing

Daar word ondersoek ingestel na ander hulpwetenskappe soos Fisiologie, Psigologie, Sosiologie en Regte om 'n breër perspektief op emosies en die huwelik te verkry.

### **3.2 INLEIDING**

Metateorie is die teorie waarin die wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel; dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek (Venter, 1996b:89). Deur die metateorie word die basisteorie verhelder vanuit ander deelwetenskappe. Die metateorie in hermeneutiese wisselwerking met die basisteorie word aangewend om 'n praktykteorie daar te stel.

Empiriese ondersoek is onlosmakend gekoppel aan teologiese teorieë omdat laasgenoemde altyd beïnvloed word deur die mens se konteks waarin hy teologiseer. Hierdie konteks is die empiriese werklikheid (Heyns & Pieterse, 1998:73). Vir sinvolle prakties-teologiese teorievorming, is empiriese werk dus nodig.

Venter (1996a:89-90) noem dat, deur middel van 'n empiriese ondersoek, die praktyk en situasie ontleed word, waarna 'n nuwe praktykteorie daargestel word.

### **3.3 EMOSIES**

#### **3.3.1 Fisiologiese karaktereenskappe**

##### **3.3.1.1 Vlakke van emosionele prosessering**

Volgens Gainotti & Caltagirone (1989:10) is daar twee vlakke van emosionele prosessering:


- ◆ Skematiese vlak: emosies word outomaties opgewek in 'n prototipiese situasie (skema), wat die stimulus-inset kombineer met die subjektiewe gevoelens, die ekspressiewe motoriese response, en die outonomiese reaksies.
- ◆ Konseptuele vlak: emosies word gekategoriseer, eerder as gevoel, volgens 'n abstrakte stel begrippe wat die emosie-opwekkende situasies, sowel as die reëls waarvolgens dienooreenkomstig reageer word in emosionele situasies, raak (dus doelbewus eerder as spontaan) (vgl ook Wells & Matthews, 1994:3).

Wells & Matthews (1994:12-13, vgl. ook Green, 1992:31-41; Omdahl, 1995:36-42) voeg 'n derde vlak by, naamlik:

- ◆ Kognitiewe vlak:

Emosies is afhanklik van die belangrikste verhoudingsbetekenisse van botsings tussen die mens, deur sy sintuie, en sy omgewing, wat sekere reaksies/emosies te vore laat kom.

Scott (2002:34) stel die kogniese vlak, soos wat hy dit verstaan, grafies soos volg voor :



### 3.3.1.2 Plek waar emosies ontstaan:

Navorsing toon dat die brein in twee helftes verdeel kan word (vgl. Barlow, 1998:35-45; Sherwood, 2004:138-164). Die regterkant van die brein hanteer die intuïtiewe, nie-liniêre, ruimtelike, holistiese, nie-verbale, musikale, kunstige, die linkerkant van die liggaam, visualisering, en die mees belangrike vir hierdie studie, die emosionele.

Die linkerkant van die brein is verantwoordelik vir en beheer die analitiese, logiese, detail, verbale, konkrete, liniêre, feitgebaseerde, rasionele gedeeltes

en die regterkant van die liggaam – meeste mense se dominante kant (vgl. Neetling, 1995:45; Barlow, 1998:35-45; Sherwood, 2004:138-164).

Emosies het weer 'n uitwerking op hoofsaaklik twee breinfunksies, naamlik die amigdala (wat bekend staan as die emosionele brein), en die neokorteks (die rasionele brein). Hierdie twee funksies is in wisselwerking met mekaar. In die volgende tabel word die wisselwerking aangetoon (vgl. Jordaan & Jordaan, 1998:174-179, 205, 236):

	AMIGDALA	NEOKORTEKS
<b>FUNKSIE/DOEL</b>	Sielkundige brandwag vir aankomende gevaar en stoor van emosionele herinneringe	Mens in staat te stel om gevoel vir gevoel te kry
<b>VERANTWOORDELIK</b>	Impulsiewe lewensreddende aksies en beïnvloed ons besluitneming	Emosionele ondersteuning en reflektoring oor wat aangaan
<b>VOORBEELDE</b>	Weghardloop vir 'n leeu/slang	Bang maar dien as motiveerder om te oorleef
<b>WANORDE IN WISSELWERKING</b>	Onbeheerde handeling/optrede	Lewe/Ervaringe word emosieloos.
<b>VOORBEELD VAN WANORDE</b>	Kalm persoon verander in 'n aanvallende, aggressiewe persoon	'n Persoon sal bv. glad nie meer emosie toon nie

Die brein skep die vermoë dat ons kan dink, onthou, liefhê, haat, ruik, proe, ensovoorts. Scott (2002:38) herinner ons daaraan dat die brein alles beheer wat ons laat optree soos ons optree. Hy steun die opinie dat 'n mens nie bewustelike beheer oor al jou breinfunksies kan hê nie, maar tog wel 'n mate van beheer daaroor kan uitoefen (Barlow, 1998:35-45 ; Sherwood, 2004:138-164).

Wat wel gebeur is dat, wanneer iemand 'n leeu sien, sal die amigdala hom onmiddelik waarsku teen die gevaar, en die neokorteks sal veroorsaak dat die persoon 'n bang gevoel ervaar. Ons het dus ook nie willekeurige beheer oor ons emosies nie, maar wel beheer oor wat ons dink. 'n Voorbeeld: wanneer die persoon weer 'n leeu sien, is die onmiddellike emosie om bang te wees. Maar die persoon kan nou sy denke beheer, en redeneer dat die leeu nooit naby hom kan kom nie, want die persoon sit veilig in die kar. Die persoon se denke laat hom besef hy/sy is veilig en die emosie van bang wees verminder, en die persoon is rustig wanneer hy/sy na die leeu kyk.

Dus kan die afleiding gemaak word, dat dit die vertolking(denke) van die situasie is, nie die lewensomstandighede nie, wat die emosie skep wat ons voel. Die realiteite van die situasies/omstandighede beïnvloed dus die emosionele toestand van die mens (vgl Scott, 2002:41-8).

### **3.3.1.3 Die Belangrikheid van Emosies**

Emosies bestaan as 'n belangrike deel van die wese van die mens en Steiner & Perry (1999:12) verduidelik dat ons sonder emosies psigopate sou wees. Lamanna & Riedmann (1993:86-87) verskaf 'n goeie definisie vir emosies: "*a strong feeling, arising without conscious mental or rational effort, that motivates an individual to behave in certain ways*". Scott (2002:42) glo, ons is wat ons voel.

Steiner & Perry (1999:18-20), ondersteun deur Mack & Blankenhorn (2001:462-463) verduidelik dat deur pynvolle en hartverskeurende ervarings, baie mense geleer het om hulle emosionele sisteem af te skakel en 'n sielkundige muur rondom hul hart te bou.

Hierdie muur beskerm hulle teen hul diepste (seerkry) emosies. Ongelukkig kan die sielkundige muur die mens van emosionele ervarings (goed of sleg) afstomp, en word emosies weggesluit in mens se hart.

Omdat die mensdom van emosionele ervarings afgestomp raak, is Steiner & Perry (1999:21) ook van mening dat binne in die mens, 'n soektog na emosionele stimulasie nooit sal ophou nie. Vandag gebruik mense kunsmatige maniere soos dwelms, fliek (aksie, liefde, spanning), televisie kyk, rekspring, dobbel, ensovoorts, om emosies te ervaar, sonder om regtig persoonlik betrokke te raak, en dit verminder dus die kanse om emosioneel seer te kry.

#### **3.3.1.4 Doel van emosies**

Wanneer jy in voeling kom met jou emosies, argumenteer Steiner & Perry (1999:3-13) en Scott (2002:63-92) dat daar 'n groot effek op jou as individu se emosionele ervaringsveld is. Dit veroorsaak dat die emosionele ervaringsveld op drie vlakke verbreed naamlik :

◆ Die vermoë om jou eie emosies te verstaan:

-kan die emosie identifiseer, verstaan die intensiteit, weet wat die oorsaak is,

-en kan die emosie reg hanteer;

◆ Die vermoë om te luister en te empatiseer met ander se emosies:

-is in gevoel met ander se emosies, die intensiteit, die oorsaak en hoe om teenoor ander op te tree;

◆ Die vermoë om emosies goed te artikuleer:

-weet om uiting aan emosies te gee op die regte tyd en plek, en

-verstaan wat die effek op ander sal wees, en

-neem verantwoordelikheid daarvoor (bv. vergifnis).

Mack & Blankenhorn (2001:462-466) glo dat emosionele openlikheid in die huwelik ruimte skep vir respek, eer en goeie onderlinge verstandhouding teenoor mekaar. Dus, hoe meer emosionele openlikheid daar in die huwelik is, hoe gelukkiger en suksesvoller die huwelik (vgl. Waite & Gallagher, 2000:65-77; Wall et al. 2002:13-29).

### **3.3.2 Effek/invloed op emosionele eenwording by pasgetroudes**

Dit blyk dat emosies 'n onafskeidbare deel van die bestaan as mens is (sien 3.3 en 3.4). Wat verder afgelei kan word uit 3.5, is dat emosies 'n groot rol in mense se daaglikse beleweniswêreld en gemoedstoestand speel. Emosies affekteer die mens op alle gebiede, soos Steiner & Perry (1999:2) beskryf:

*“Once I was introduced to my emotions, it felt I was an explorer discovering an exotic land, I was amazed and captivated by the emotional landscape within and around me”.*

As ons is wat ons voel (3.4) kan emosies dus as die sleutel tot “naaktheid” van die mens se siel gesien word. Emosionele naaktheid skep geleenthede vir die eenwordingsproses in die huwelik (sien 2.2). Wanneer 'n persoon wys wie hy/sy is (ons is dit wat ons voel), is dit makliker vir die ontvangende eggenoot om ook iets terug te wys. En so bevorder die pasgetroude paartjie hul eenwording om stukkie vir stukkie hulself te openbaar aan mekaar en is dit makliker om by mekaar in te skakel en mekaar aan te kleef (vgl. Gen 2:24).

Emosies kan die eenwordingsproses by pasgetroudes benadeel of bevoordeel. In die volgende gedeeltes sal aangedui word hoe emosies/emosionele dade die proses beïnvloed en op watter wyse (vgl. Scott, 2002:17-27).

### **3.3.3 Emosionele dade/Emosies wat eenwording benadeel:**

#### **3.3.3.1 Aftakeling**

Wanneer jou eggenoot jou kritiseer, beskuldig, wegjaag, of karakter skend deur ongewenste name te noem, afjakke te gee of te vloek.

### **3.3.3.2 Manipulasie**

In die huwelik word dit gebruik om eerstens jou eie doel te bereik en dan om jou eggenoot emosioneel af te takel. Tweedens, om jou eggenoot iets laat doen wat teen haar/sy sin is. Voorbeelde hiervan is: “ek wens iemand wil kos gaan maak”; “ek haat dit as die skottelgoed so staan”.

### **3.3.3.3 Afpersing**

Wanneer manipulasie herhaaldelik gebruik word met die opset om jou eggenoot te dwing om in te willig, teen sy/haar sin en integriteit. Die doel van afpersing is om jou eggenoot so seer te maak dat sy/hy maar ingee. Afpersing het ‘n uitruiltransaksie wat manipulasie nie het nie, byvoorbeeld “as ek dit doen, moet jy dat doen”.

### **3.3.3.4 Intimidasie**

Gewoonlik vind dit buite familiebande plaas, waar ‘n persoon deur middel van dreigemente en geweld gedwing word om sekere handeling uit te oefen, soos om iemand met die dood te dreig.

### **3.3.3.5 Afbrekende emosies en emosionele dade**

Die volgende emosies gaan gepaard met bogenoemde handeling (3.3 – 3.6) en is afbrekend vir die eenwordingsproses, naamlik: onregverdigheid, jaloesie, kwaadwilligheid, haat.

Sekere emosionele dade wat sal voortspruit uit hierdie emosies is: slegtheid, hebsug, skinder, bedrog, twis, moord en kwaadpraat.

## **3.3.4 Emosies/Emosionele dade wat eenwording bevorder**

### **3.3.4.1 Opbouende emosies/dade en gesindhede**

Die volgende lysie bevat emosies wat die eenwordingsproses opbou en sterker maak: geduld, vriendelikheid, nie afgunstig nie, nederigheid, aanvaar mekaar, regverdigheid, hoop, geloof, vertrou, blydskap en liefde.

#### 3.3.4.2 Selfaanvaarding

Bogenoemde is een van die belangrikste aspekte van eenwording by pasgetroudes (vgl. Crabb, 1982; Scott, 2002:72-73). Jy moet jousef kan aanvaar voordat jy op iemand anders se behoeftes kan fokus. Dozi ('n Afrikaanse sanger) het in 'n onderhoud gesê dat, "as jy nie in jousef gelukkig is nie, kan niemand jou gelukkig maak nie" (SABC 2:2004).

Pelser (1996:84) argumenteer dat die mens net in Christus sy identiteit kan vind en tot sy volle potensiaal kan leef. In Christus verloën die mens hom-/haarsel en sy sonde, en leef as nuwe mens (Pelser 1996:24) en verkry sodoende selfaanvaarding.

#### 3.3.4.3 Dissipline

Jy as eggenoot moet ook selfdissipline oor jou emosies toepas. Daar is in hierdie studie bevind dat jy tog gedeeltelik jou emosies kan beheer (3.5).

**Emosies is deel van die mens se bestaan en deur mens se eie emosies en emosionele uitings te dissiplineer en beheer, skep dit 'n emosionele vryheid by jou en jou eggenoot**

### 3.4 HUWELIK

#### 3.4.1 Wetlike perspektief

Die wet erken die vryheid van die huwelik as 'n basiese burgerlike reg (Sinclair, 1996:312) indien jy 18 jaar of ouer is (South Africa, 1999:xv).

Sinclair (1996:305) is van opinie dat die huwelik tradisioneel gedefinieer word, as die wetlik erkende vrywillige eenwording (lewenslank) in die algemeen van een man en een vrou, met die uitsluiting van alle ander, vir so lank as wat die verbintenis duur (vgl. Schwartz & Scott, 1994:2; Davidson and Moore, 1996:21; Cronje & Heaton, 1999:23). Die wesentlike veranderings in die Westerse sosiale houdings en gedrag, dui daarop dat die toenemende aantal verskillende lewenstyle 'n meer buigsame benadering tot die definisie van die sogenaamde Christelike huwelik vereis.

Ondersteunend sien Chanock (2001:197) die Christelike huwelik soos volg: dit is die lewenslange heilige eenheid van een man en een vrou; en dat getrouheid aan een geliefde die taak is van sowel die man as die vrou.

In die 1900's was egskeiding baie minder algemeen as vandag (Goldstein, 1999: 409-414). In die verlede was die enigste rede vir egskeiding gebaseer op owerspel of die dood (vgl Chanock, 2001:200). Deesdae egter, is egskeiding vrylik beskikbaar en is slegs 'n administratiewe prosedure, met Suid-Afrika wat as 'n "easy divorce" land bekend staan (vgl Chanock, 2001:200). Hierdie stygende egskeidingstendens bevestig dat 'n huwelik deesdae een is van onbepaalde tydsduur – dit sal waarskynlik duur vir solank as wat dit aan die verwagtinge van persoonlike geluk van die twee partye voldoen (Sinclair, 1996:307). Amato (1996:628.641) bewys dat getroude pare wat nie so "committed" is aan die norm van 'n lewenslange huwelik nie, ook meer geneig is om te skei. Wall (2002:34) meen dat volgens statistieke daar meer geskeide vroue as mans is. Die rede hiervoor, meen Wall, is dat geskeide mans baie gouer weer trou, as vroue.

Twee probleme ontstaan as ons aanvaar dat die huwelik 'n eenheid moet wees tussen een man en een vrou. Die een is die erkenning van poligame verhoudings - die sentrale kenmerk van Afrika-gewoontes (Chanock, 2001:197; Dorey, 2004:25-26); die ander is 'n huwelik tussen persone van dieselfde geslag. (vgl. Sinclair, 1996:308; Weeks et al., 1999:48-49 en Carter, 2002).

Chanock (2001:197) argumenteer dat, sou die Afrika-huwelik in plek bly, is dit duidelik dat dit wetlik onderskei en geskei moet word van die Christelike huwelik (sien 2.3.1). Saamwoon-verhoudings ("cohabitation") is wêreldwyd aan die styg en word al hoe meer as algemene verskynsel aanvaar (vgl Lauer & Lauer, 1991:9-10; Sinclair, 1996:306; en Waite & Gallagher, 2000:36-46).

'n Huwelik tussen persone van dieselfde geslag (vgl Carter, 2002) word nie toegelaat nie, alhoewel hierdie voorskrif in sekere jurisdiksies alreeds aan die vervaag is. In Engeland en in Suid-Afrika het die howe nog 'n negatiewe siening (vgl. Theron, 2004:63), maar in die VSA is so 'n huwelik al as wettig aanvaar (Sinclair, 1996:309-310).

### 3.4.2 Psigologiese perspektief

#### 3.4.2.1 Kenmerke

Verskillende skole (benaderingsrigtings) in die sielkunde het hul eie standpunte oor die kenmerke van die huwelik. Venter (1996a:23-27) verwys na drie skole se benaderings wat die navorser in tabelvorm opgesom en gestruktureer het:

<b>Psigodinamiese Benadering</b>	<b>Gedragsgeoriënteerde Benadering</b>	<b>Sisteemteoretiese Benadering</b>
<b>Definisie:</b>	<b>Definisie:</b>	<b>Definisie:</b>
Elke maat betree die huwelik met komplekse verwagtinge (op grond van hul ervarings as kind in hul gesinne). Op grond van hierdie verwagtinge, openbaar elke maat 'n sekere interaksie styl/gedragpatroon teenoor hul maat .	Die teenwoordigheid van sekere vaardighede by huweliksmaats om hulle huwelik in stand te hou.	Die vorming van 'n eie unieke eenheid (huweliksverhouding en later ook 'n gesinsverhouding) met 'n eie identiteit.
Sewe interaksiestyle word geïdentifiseer: <ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Gelyke vennoot</li> <li>◆ Romantiese vennoot</li> <li>◆ Ouerlike vennoot</li> <li>◆ Kinderlike vennoot</li> <li>◆ Rationele vennoot</li> <li>◆ Kameraad vennoot</li> </ul>	Vier vaardighede word uitgelig: <ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Die uitruil van gedrag wat deur elke maat as positief en belonend ervaar word, sonder om terug te beloon.</li> <li>◆ Kommunikasie met begrip en ondersteuning.</li> <li>◆ Openlike, direkte probleemoplossing en</li> </ul>	Ses aksiestappe word toegepas: <ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Kontak met ander, maar privaatheid en outonomie moet gerespekteer word</li> <li>◆ Vry van inmenging van ander</li> <li>◆ Duidelike grense tussen mekaar om sodoende maat en ander gesinslede se</li> </ul>

	<b>konflikhantering</b> ♦ Toepaslike en gewensde verhoudingsverandering te weeg te bring	<b>outonomie te respekteer</b> ♦ Verseker dat huweliksverhouding nie binnegedring word deur kinders nie ♦ Samehorigheidsgevoel en intimiteit in die huwelik te bevorder ♦ Moet aanpasbaar wees vir nuwe omstandighede
<b>Interaksiestyle is nie ongesond of afwykend nie, huweliksmaats kan baie tevrede wees met hul betrokke style.</b>	<b>Hierdie is uiters belangrike vaardighede wat as boustene, vir 'n stewige fondament, in die huwelik gesien kan word.</b>	<b>Hierdie unieke verhouding moet vir albei aanvaarbaar en bevredigend wees, waar elkeen sy ruimte gegun word, maar waar saam na intimiteit en samehorigheid gestrewe word.</b>

Dus, in die lig van bogenoemde kenmerke, is daar ses basiese aspekte wat uitgelig kan word:

- ♦ Elke huweliksmaat moet poog om die ander persoon te respekteer as iemand afsonderlik en verskillend;
- ♦ Hulle moet hulle daarop toespits om meer heilsame gedrag teenoor mekaar te openbaar, naamlik kameraadskap, affeksie, bestuur van huishouding, ensovoorts;
- ♦ Daar moet gepoog word om kommunikasie te laat werk;
- ♦ Fokus op die probleem/konflik en nie die persoon nie;

- ◆ Om sinvoller gesinsverhoudinge te skep in liefde en ondersteuning; en
- ◆ Klein, stadige veranderings aan die huweliksverhouding is makliker as drastiese groot veranderings.

Harvey (1994:46-48) bespiegel dat "chemistry" te wisselvalig is om dit as 'n stabiele kenmerk te definieer. Hy verduidelik deur te sê dat as daar nie meer 'n elektriese "spark" is nie, dan begin meeste paartjies te twyfel of die huwelik gaan werk.

### **3.4.2.2 Wat laat 'n huwelik werk**

Volgens Venter (1996a:72-75) word die aanname gemaak dat 'n groot persentasie van huwelike wat nie verbroekel nie, ongelukkig is en dat slegs 10% van bestaande huwelike hul volle potensiaal bereik. As dit die waarheid is dan wonder mens regtig hoekom huwelike in die samelewing bestaan – het mense die hoop dat hul huwelik een van die gelukkige "10 %" sal wees?

As daar na alledaagse gesprekke geluister word, waar getroudes saam filosofer oor wat die goue bestanddele vir sukses is, is daar altyd dieselfde paar kenmerke wat kop uitsteek, byvoorbeeld: kameraadskap, gevoel van behoort, aanvaarding, betekenisvolheid (vgl. Waite & Gallagher, 2000:26-27).

Kirschner & Kirschner (1991:30) verduidelik dat 'n huwelik wat 'n "verhouding - in - diepte" wil wees, vier basiese hoekstene benodig, (alhoewel 'n basisteorie [teologiese] bron, vgl. Pieterse, 1977:45-48), naamlik :

- ◆ betrokkenheid (deelgenote van mekaar)
- ◆ intimiteit (maksimum betrokkenheid)
- ◆ korrekte hantering van konflik (dit kan 'n huwelik verskraal of verryk), en
- ◆ kommunikasie -'n baie noodsaaklike sleutel tot 'n gelukkige huwelik

Mack & Blankenhorn (2001:465-467) glo ook aan bogenoemde, maar neem dit 'n stappie verder. Uit hul navorsing het die volgende geblyk:

Huweliksmaats moet tot die besef kom dat geen huwelik volkome eenheid kan bereik nie en dat konflik nie onvermydelik is nie en nie altyd 'n oplossing het nie (vgl. Scher, 1991:99). Verder moet huweliksmaats beste vriende en kamerade wees en dat hulle mekaar nie moet probeer verander nie (vgl. Scher, 1991:96-98; Davidson & Moore, 1996:374).

Clements & Swensen (2000:110-120) is van mening dat sonder "commitment" in die huwelik, daar 'n groot skakel uit die ketting weg is. Vir hulle is dit een van die belangrikste faktore wat 'n huwelik laat werk en wat opgebou moet word.

Norment (2002:24-25) definieer "commitment" as die volgende (vgl. Scher, 1991:101)

- ◆ as mens enigiets moontlik sal doen om die verhouding te laat werk;
- ◆ die begrip dat daar geen plek vir selfsug of 'n "ek is die wêreld" houding is nie;
- ◆ weet dat elkeen se optrede en woorde aabei raak, en die onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar, asook die ondersteuning van mekaar in moeilike tye; dus
- ◆ die verlaat van jouself en fokus op die maat.

Norment (2002: 24-25) sluit af deur te sê dat: "Commitment' is a state of mind. Words are cheap but true. 'Commitment' is demonstrated by your actions. It comes from the heart, mind and soul".

### **3.4.2.3 Voorlopige Opsomming**

Die navorser is van mening dat al die bogenoemde kenmerke/eienskappe goed en nodig is vir die huwelik. Daar bestaan beslis nie iets soos 10 stappe vir 'n gelukkige huwelik nie. Dis nie so eenvoudig nie. Wat wel bevind is, is dat elke aspek in wisselwerking met jou en jou eggenoot is. Dit hang net af met watter gesindheid (opbouend/afbrekend) jy elke faset van die lewe, jouself en jou huweliksmaat hanteer.

### **3.4.3 Sosiologiese perspektief**

#### **3.4.3.1 Kenmerke**

Volgens Van Staden (1996:28-32), het sosiale instellings in alle samelewings ontstaan om die basiese behoeftes van mense te bevredig. Uit 'n holistiese sosiologiese benadering kan die kenmerke van die huwelik op drie vlakke gesien word:

##### **3.4.3.1.1 Behoeftebevrediging op samelewingsvlak**

In samelewings, veral die huwelik, bly die basiese belangrike behoeftes dieselfde, naamlik:

- ◆ Seksuele regulasie
- ◆ Reproduksie
- ◆ Sosialisering
- ◆ Ekonomiese samewerking en versorging van afhanklikes

##### **3.4.3.1.2 Behoeftebevrediging op interpersoonlike vlak**

Die gevoel van "behoort aan" of "gebonde te wees" is 'n menslik sosiale behoefte wat die huwelik en gesin bevorder. Die huwelik en gesin bevredig dus die volgende behoeftes (vgl. Harvey, 1994:55-57):

- ◆ Emosionele behoefte, sekuriteit en intimiteit
- ◆ Uitskakeling van eensaamheid

### **3.4.3.1.3 Verandering of aanpassingsvlak**

DeFrain & Olson (1991:323) is van opinie dat die instellings van die huwelik en gesin in die afgelope dekade baie verander en aangepas het. Die media, tydskrifte, radio en koerante speel 'n groot rol met die publisering van die "nuwe huwelik en gesin"-aanpassings. Voorbeelde van hierdie veranderings is (vgl. Hakim, 2000:157-193 en Theron, 2004:61-64):

- ◆ Hersaamgestelde gesinne neem toe
- ◆ Enkelouergesinne kom meer na vore
- ◆ Homoseksuele en lesbiese verhoudings is aanvaarbaar en meer openlik
- ◆ Egskeidings styg
- ◆ Naweekgesinne is nou 'n verskynsel
- ◆ Werkende getroude vrou/dubbel-inkomste gesin is volop

Volgens Waite & Gallagher, (2000:1) ervaar die tradisionele huwelik en gesin baie druk om te verander of aan te pas. Die feit dat sekere huweliks- en gesinsvorme verlore gaan en nuwes hul verskyning maak, mag nie uit die oog verloor word nie (vgl. Theron, 2004:56-64; Venter, 2004:58-68).

### **3.4.3.2 Wat laat 'n huwelik werk?**

Van Staden (1996:76-79) noem vier kwaliteitsaspekte wat huweliksintegrasie vergemaklik en bevorder (vgl. Harvey, 1994:56-62; Lamana & Riedmann, 1994:192, 202-203 en Koenig, 1999:67) :

- ◆ Tevredenheid met huwelik, en keuse van maat
- ◆ Kohesie wat fokus op wat saam gedoen word en uitruiling van idees
- ◆ Konsensus ten opsigte van finansies, vriende, godsdiens, rolle en kinderopvoeding, en

- ◆ Effektiewe uitdrukking en demonstrasie van toegeneentheid, seksuele aangetrokkenheid en die betoning van liefde.

Harvey (1994:6) wys daarop dat 'n persoon seksueel intiem kan verkeer sonder om emosioneel naby aan die persoon te wees en daarom is dit laaste op sy bogenoemde lys.

Verder word daar ook na sosiologiese interpersoonlike verhoudingsperspektiewe gekyk vir faktore wat die huwelik vir pasgetroudes vergemaklik. Dit is belangrik om daarop te let dat sosiale klas, ouderdom, geleerdheid en godsdiensoortuigings 'n groot rol te speel het.

### **3.5 EMPIRIESE NAVORSING**

#### **3.5.1 Doelwit**

- ◆ Om 'n eenwordingsproses by pasgetroudes te evalueer;
- ◆ Om basiese behoeftes by pasgetroudes (mans en vrouens afsonderlik) te beklemtoon; en
- ◆ 'n praktiese definisie vir emosionele eenwording te ontwikkel.

#### **3.5.2 Vraelyste**

'n Vraelys is in samewerking met prof. G.A. Lotter in Afrikaans en Engels opgestel (sien Bylae A en B afsonderlik).

### **3.5.3 Rasionaal**

Die rasionaal agter die opstel van die vraelys was om vas te stel:

- ◆ Wat die proses van eenwording behels, en dit te evalueer;
- ◆ of daar genoegsame klem op emosionele eenwording in die voorbereiding gelê word, en
- ◆ wat pasgetroudes se werklike basiese behoeftes is.

### **3.5.4 Samestelling van vraelys**

Die vraelys bestaan uit drie afdelings met altesaam 30 vrae:

- ◆ Verlating van ouerhuis (vraag 1-8)
- ◆ Aankleef (vraag 9-14)
- ◆ Een vlees wees:
  - fisies (vraag 15-19)
  - emosioneel (vraag 20-30).

### **3.5.5 Werkswyse**

Die navorser het tien vraelyste aan vyf pasgetroude pare beskikbaar gestel. Elke lid van die pasgetroude paartjie moes 'n vraelys afsonderlik invul en terugbesorg aan die navorser.

Kwalitatiewe navorsing word gebruik, want die doel met die navorsing is "to generate hypotheses for future investigation rather than to test them" soos by kwantitatiewe navorsing. Die sleutel tot kwalitatiewe navorsing is om in sekere situasies van jou informante te leer eerder as om hul te beheer. Dit beklemtoon en bewys ook die uniekheid van die mens (vgl. Krefting, 1991:215-216).

### 3.5.6 Respons

Getal vraelyste uitgestuur : 10  
Getalrespons : 10  
Responskoers : 100%  
Getal vraelyste verwerk : 10

### 3.5.7 Statistiese verwerking en analisering van data

#### 3.5.7.1 Verlating van ouers:

MANS	A	B	C	D	E	ALG %
VERLATING VAN OUERS						
PUNT UIT: 24	23	21	24	20	20	87

VROUE	A	B	C	D	E	ALG %
VERLATING VAN OUERS						
PUNT UIT: 24	16	23	23	23	23	87

#### GEVOLGTREKKING:

Dit blyk dat beide mans sowel as vroue reeds die verlating van hul ouers onder die knie het. 'n Moontlike rede daarvoor kan wees dat 8/10 ver weg gaan studeer het en 2/10 na skool al begin werk het.

### 3.5.7.2 Aankleef aan jou maat:

MANS	A	B	C	D	E	ALC %
AANKLEEF AAN MAAT						
PUNT UIT: 18	14	13	14	15	15	77

VROUE	A	B	C	D	E	ALG %
AANKLEEF AAN MAAT						
PUNT UIT: 18	17	17	14	16	16	83

#### GEVOLGTREKKING:

Vrouens is meer geneig om vinniger aan te kleef as mans. Dit kan duidelik uit die persentasieverskil gesien word. Dit kan moontlik so wees omrede mans meer 'n stryd voer om onafhanklik en "vry" te bly, waar vrouens meer die beskerming/versorging van iemand nodig het.

### 3.5.7.3 Fisies een word:

MANS	A	B	C	D	E	ALG %
FISIESE EEN WORD						
PUNT UIT: 15	10	14	15	11	12	80

VROUE	A	B	C	D	E	ALG %
FISIES EEN WORD						
PUNT UIT: 15	15	13	11	14	15	86

#### GEVOLGTREKKING:

Die mans se persentasie by die fisiese, is hoër as by die aankleef, wat daarop dui dat die aankleefproses nie so belangrik is as die fisiese nie. Dit het ook in die basiese behoeftes-lyste uitgestaan.

Die vrouens se persentasie dui daarop dat alhoewel hul nie so "seksbehep" soos mans is nie, dit 'n uiters belangrike behoefte van die vrou is!

### 3.5.7.4 Emosioneel een word:

MANS	A	B	C	D	E	ALG %
EMOSIONEEL EEN WORD						
PUNT UIT: 27	18	22	19	17	16	66

VROUE	A	B	C	D	E	ALG %
EMOSIONEEL EEN WORD						
PUNT UIT: 27	20	18	17	18	20	66

#### GEVOLGTREKING:

Hierdie afdeling toon die laagste persentasie van al die afdelings. Dit blyk dat hierdie as die laaste pylvak van die eenwordingsproses beskryf kan word. Om emosioneel aan jou maat te koppel, vir beide mans en vrouens, wil dit voorkom asof die eenwordingsproses by pasgetroudes 'n baie moeilike, langdurige proses is. Die rede hiervoor kan dalk toegeskryf word aan die feit dat dit nie maklik is om jou siel en gees aan 'n ander te openbaar nie – dis dalk waar die volkome naaktheid weggesteek word.

### 3.5.7.5 Totale punte en persentasie-uiteensetting:

MANS	A	B	C	D	E	ALG %
TOTAAL						
PUNT UIT: 90	65	70	72	63	63	65
%	72	78	80	70	70	72

VROU	A	B	C	D	E	ALG %
TOTAAL						
PUNT UIT: 90	67	71	65	71	74	67
%	74	79	72	79	82	74

#### PERSENTASIEVERDELING/GEVOLGTREKKING:

a) 30% - 55%

NOG NIE EENS BEGIN WERK AAN AL DIE FASETTE VAN DIE EENWORDINGSPROSES NIE

b) 56% - 80%

BEGIN WERK AAN DIE EENWORDINGSPROSES IN SEKERE FASETTE, MAAR NOG NIE IN AL DIE FASETTE NIE

c) 81% - 100%

BEGIN ERVAAR DIE WONDERLIKHEID VAN EENWORDING IN ALLE FASETTE VAN DIE PROSES.

### **3.5.8. Basiese behoeftes van pasgetroudes:**

#### **3.5.8.1 Mans (sien Bylae A vraag 28)**

- ◆ Seks (x8)
- ◆ Kos
- ◆ Liefde
- ◆ Hulp
- ◆ Omgee
- ◆ Getrouheid
- ◆ Kommunikasie
- ◆ "Companionship"
- ◆ "Solitude"
- ◆ Kuier by familie
- ◆ Een keer 'n week laat slaap

#### **3.5.8.2 Vroue (sien Bylae A vraag 28)**

- ◆ Liefde (x3)
- ◆ Verstaan
- ◆ Versorg en bederf
- ◆ Waardering
- ◆ Om veilig te voel
- ◆ Aanvaarding

- ◆ Man se beste vriend
- ◆ Koester
- ◆ Ondersteuning
- ◆ Tyd saam spandeer
- ◆ Respek
- ◆ Pret
- ◆ Verskeidenheid en
- ◆ Geestelik, fisies, emosioneel, intellektueel tevrede

### **3.5.9 Definisie van emosionele eenwording**

#### **3.5.9.1 Mans (sien Bylae A, vraag 29)**

- ◆ Gemeenskaplike visie/doel
- ◆ Wedersydse ondersteuning
- ◆ Goed saam te doen/kameraadskap
- ◆ Oor meeste goed saam te stem
- ◆ Betekenisvolle kommunikasie

#### **3.5.9.2 Vroue (sien Bylae A, Vraag 29)**

- ◆ Verstaan mekaar sonder om 'n woord te sê
- ◆ Om afhanklik van mekaar te wees
- ◆ Vennootskap, waar elke party 100% gee
- ◆ Naak in alle aspekte teenoor mekaar kan wees

- ◆ **Gemeenskaplike doel**
- ◆ **Ondersteun en dra mekaar in die goeie en slegte**

**\*\*\*lets wat onder die navorsers se aandag gekom het, is dat vraag 29 baie deeglik deur al die vroue ingevul was, maar by die mans het slegs een man die vraag ingevul – dit is 'n bekommernis.**

### **3.5.10 Voorlopige samevatting van empiriese studie**

**Uit die studie het die volgende begin blyk:**

- ◆ **Dat die verlating van ouers vir beide geslagte reeds begin wanneer die kind uit die huis uit gaan, nie noodwendig om te trou nie.**
- ◆ **Dat die aankleefproses vir die vroulike geslag baie noodsaakliker en meer toepaslik is as vir die mans**
- ◆ **Dat die fisiese eenwording gewoonlik nie 'n probleem is nie. Vir baie is dit die maklikste deel**
- ◆ **Emosionele eenwording is die moeilikste en laaste stap in die eenwordingsproses van pasgetroudes, daarom moet daar genoegsame klem op die emosionele eenwording in die voorbereiding van pasgetroudes gelê word**
- ◆ **Dat by manlike en vroulike pasgetroudes, die werklike basiese behoeftes baie verskillend is, en elke geslag moet bedag gemaak word op wat die ander een benodig.**

## **HOOFSTUK 4 : PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EMOSIONELE EENWORDING (VERLAAT, AANKLEEF EN EEN VLEES WEES).**

---

### **4.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk verskuif die fokus vanaf die teorie na die praktyk. Om dit op 'n wetenskaplike wyse te doen, word daar vanuit die basisteorie (hoofstuk 2) in hermeneutiese wisselwerking met metateoretiese insigte (hoofstuk 3), 'n praktykteorie ontwerp (Venter, 1996b:89-90).

### **4.2 Doelstelling**

In hierdie hoofstuk word spesifiek gefokus op:

- die pastorale gesprek.
- basiese kenmerke (uit hoofstuk 2 en 3) van die emosionele eenwording in die huwelik.
- 'n voorbeeld van hoe aksiestappe in pastorale gesprek verloop.

### **4.3 Pastorale gesprek**

#### **4.3.1 Eienskappe van 'n berader**

##### **4.3.1.1 Persoonlike verhouding met God**

Hierdie is die mees belangrike eienskap wat 'n berader moet hê (vgl Adams, 1976:20-25; Adams, 1978:5-13; Collins 1993:20). Die berader moet 'n intieme, lewende verhouding met die Hemelse Vader beleef sodat hy besef wat sy posisie in Christus is.

'n Daaglikse toename in die kennis van die Woord van God is noodsaaklik, sodat wanneer daar Bybelse raad en riglyne verskaf moet word, die berader dit uit die hart uit ken. Verder moet mens God se stem kan hoor en uit jou verhouding met Hom gehoorsaam Sy stem volg. Uit jou verhouding met God moet die Heilige Gees ook 'n aktiewe rol in jou lewe vervul .

#### **4.3.1.2 Kongruensie**

Hierdie woord beteken heelheid, integriteit en egtheid. 'n Berader moet deurentyd homself wees, en nie voorgee of terughoudend wees nie (vgl. Pieterse, 1977:62; Collins, 1988:41). Tydens huweliksberading moet die berader nie maak asof hy/sy 'n perfekte huwelik het nie, maar eerder opreg wees en meld dat hy/sy ook met sekere fasette sukkel.

#### **4.3.1.3 Onvoorwaardelike agting**

Adams (1976:83) is van opinie dat 'n berader se verantwoordelikheid ondermyn kan word deur aanvaarding van die persoon. Dit beteken dat die sonde van die persoon soms aanvaar moet word om vertrouwe te wen, wat voordelig vir die beradingsproses is.

Die begrip "onvoorwaardelike agting" beteken dat 'n berader in solidariteit met die naaste tree en dat jy slegs 'n instrument in God se hand is om liefde en sorg aan die persoon te bied (vgl Pieterse, 1977:63; Macarthur & Mack, 1994:180).

#### **4.3.1.4 Empatie**

Die woord word gedefinieer as "in die persoon se skoene inklim" (Snyder, 1998:41). Dit beteken dat jy as berader jouself in die persoon se situasie stel en probeer verstaan waardeur die persoon gaan of watter emosies ervaar word (vgl. Lartz, 1999:102; McLeod, 2003:169). Dit beteken dus dat jy saam met die persoon deur die diep waters sal swem eerder as om raad van die kant af te gee.

Pieterse (1977:63) waarsku dat daar 'n fyn lyn tussen empatie en emosionele betrokkenheid is. Emosionele betrokkenheid is uiters gevaarlik, en kan daartoe lei dat die berader nie meer objektiewe raad gee of besluite kan neem nie (vgl. Pelser, 1996:74-76).

Pelser (1996:75) ondersteun Pieterse (1977:63) se opinie deur te beklemtoon dat dit in huweliksterapie uiters belangrik is dat die berader nie te emosioneel betrokke moet raak nie. Dis dan wanneer verkeerde, ongunstige verhoudings kan ontstaan. 'n Vrou gaan byvoorbeeld na 'n manlike berader. Die vrou voel hierdie berader verstaan haar beter as haar man en begin emosioneel afhanklik van die berader te word, wat later kan uitloop op 'n verhouding. Die teenoorgestelde kan ook plaasvind, met die berader wat kan kop verloor.

#### **4.3.1.5 Goeie luisteraar**

Fernell (1998:342-343) is oortuig dat empatie onlosmakend deel van aktiewe en kreatiewe luisteraksies is (vgl. Lartz, 1999:102; McLeod, 2003:343).

Die geheim van luister is om die verpakking waarin die woord na ons kom, los te wikkell. Elke woord, elke nie-verbale aksie of gebaar, elke stilte, bevat verskillende inhoude en boodskappe.

Die aksie van luister kan in 3 dele opgedeel word, (Bosch, 1995:26) naamlik:

- Wat gesê word - Woorde - 7%
- Op watter wyse - Stemtoon - 38%
- Wat nie gesê word nie - Lyftaal - 55%

In huweliksterapie is dit uiters belangrik om al drie hierdie fasette tydens 'n gesprek waar te neem. Indien een van hierdie aspekte in die pastorale gesprek verlore raak, kan misverstande intree.

#### **4.3.1.6 Skep van Vertroue**

Pelser (1996:76) ag vertroue as van die allergrootste belang in die pastorale gesprek. Wanneer daar met huwelikspartjies gesels word, is daar altyd die faset van vertroue. 99% van die partjies sal altyd saamstem dat vertroue verdien moet word en nie net geskep kan word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die berader werk aan vertroue met sy kliente in sy optrede. Die berader moet poog om as iemand bekend te staan op wie mense kan vertrou en wie 'n geheim kan bewaar (vgl Pieterse, 1977:64).

In die praktyk sal die beradene eers vir die berader iets kleins vertel en kyk wat die berader daarmee maak. Wanneer die beradene dink die berader is betroubaar, sal die beradene meer persoonlik raak en so sal die proses intensifiseer namate die berader die klient se vertroue behou. Dit is partykeer goed wanneer die berader iets persoonliks met die klient deel om vertroue te bevorder.

#### **4.3.2 Proses van 'n pastorale gesprek**

Vergelyk Lotter (1987: 102-174) en MacArthur & Mack (1994: 180-288) en Tripp (s.a: 10-20).

##### **4.3.2.1 Interaksie (Aanknoping)**

Interaksie in die beradingsproses is amper die heel belangrikste faset, omrede eerste indrukke blywend is. Dit is baie belangrik dat die berader met die klient 'n wedersydse verhouding moet bou.

Daar is sekere fondasies waarop die interaksie gebou word:

- Skep regte omgewing

Die omgewing sluit die fisiese sowel as die atmosfeer in. Maak die omgewing 'n steuringsvrye plek, want niemand wil in die middel van 'n gesprek deur 'n luiende foon onderbreek word nie.

Atmosfeer speel 'n baie groot rol tydens berading. Mens kan gou aanvoel watter atmosfeer in 'n plek heers. 'n Atmosfeer van gejaagdheid is onvanpas, maar rustigheid, aanvaarding en veiligheid gaan 'n impak op die klient hê.

- Wees opreg en eerlik

Dit is noodsaaklik vir die berader om eg en opreg te wees, alhoewel dit maklik is om 'n masker te dra.

Wees eerlik met die beradene wat voor jou sit. As die persoon besig is met 'n storie en jy het die draad verloor, vra eerder dat die beradene herhaal wat gesê is, as om net 'n antwoord te fabriseer omdat daar 'n vraag gevra is.

Dikwels sal die beradene iets sê wat jou hart raak, en as jy as berader voel om saam te lag of te huil, neem die geleentheid om uiting aan jou emosies ook te gee. God lê ook in Sy woord klem op opregtheid (vgl. Gen 17:1; Ps 64; Spr 15:8).

- Luister

Jakobus 1:19 verduidelik: "...elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat..."

Gee die beradene kans om sy storie klaar te maak voordat jy as berader begin praat – moenie die persoon sommer in die rede val nie. Baie keer voel dit of die beradene nie tot 'n punt gaan kom nie en besig is om in die lug te praat. Wat al gevind is, is dat die persoon so uitlating aan sy/haar emosies gee, en sodoende 'n meer duidelike beeld oor sy/haar eie situasie beleef en sodoende tot 'n eie konklusie kom.

In God se Woord moedig Hy aan dat ons ons sondes aan mekaar bely sodat daar genesing kan plaasvind (Jak 5:16). Luister mooi na wat die persoon eintlik wil sê eerder as om teen die sonde vas te kyk.

- Wees daar

Die berader moet die beradene verseker dat hy/sy beskikbaar is. Maak sekere tye beskikbaar vir jou kliente om jou te kan bel of met jou te kom praat. Dit is belangrik dat die beradene voel dat hy/sy belangrik vir die berader is.

Lotter (1987:115) som interaksie op: “for interaction in the counselling process, it is necessary to listen, help them to handle emotions in a biblical way, to be honest, emphasize and be available throughout the counselling process.”

#### 4.3.2.2 Inspirasie (Motivering)

Die Berader moet aan die beradene hoop oordra. Die mees effektiewe hoop wat gegee kan word, is Bybelse hoop – want dit is ewigdurend. God se Woord is vol beloftes wat aan die persoon hoop kan verskaf in moeilike situasies.

MacArthur & Mack (1994:187-195) verwys na drie stappe ten einde hoop in 'n persoon te ontwikkel, naamlik:

- Help die beradene om te groei in sy verhouding met Jesus Christus.
- Leer die beradene om Bybels te begin dink, bv. wat sou God fisies gedoen het in hierdie situasie; watter emosies het Jesus Christus ervaar?.
- Voorsien die beradene met skriftuurlike voorbeelde uit die Woord van God of uit jou eie lewe waar God ingegryp het en verlossing en genesing gebring het.

Aanvaarding speel 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling van hoop. Die beradene moet voel dat hy aanvaar word al het hy/sy sekere verkeerde dinge gedoen of het dit met hom/haar gebeur, bv. mishandeling of molestering.

Die berader self moet hoop hê vir die beradene, anders sal dit moeilik wees vir die beradene om in die berader te glo as hy/sy lyk asof daar nie hoop vir hierdie situasie is nie.

### **4.3.2.3 Informasie (Dataversameling)**

#### **4.3.2.3.1 Die doel van dataversameling**

Die doel van dataversameling is nie primêr om probleme te ontdek nie. Egte berading is nie probleemgesentreerd nie, maar persoongerig. Dus is die doel om die persoon waarmee die berader werk, te leer ken. Om met 'n beradene te kan werk en nie net met die probleem nie, moet die berader ook die innerlike mens probeer verstaan en ken.

In hierdie fase fokus die berader om 'n prentjie te konseptualiseer van die persoon waarmee hy/sy werk. Wees versigtig om maklike aannames te maak of om te vinnig na 'n konklusie te spring. Gebruik eerder die konkrete feite om effektiewe en korrekte aannames te maak.

#### **4.3.2.3.2 Die proses van data-insameling**

Die proses van data-insameling kan vergemaklik word deur:

- Eers by die beradene inligting in te vorder wat maklik is om oor te praat bv. sy naam, van en gesinsstruktuur, met ander woorde, algemene aspekte.
- Om oor fasette te praat wat 'n belangrike rol in sy/haar lewe speel.
- Begin vrae vra oor hoe hy/sy op sekere situasies sal reageer. Vra vrae soos bv. "hoe tree jy op as... of hoe voel jy as... en wat sê jy as..."
- Kyk uit vir herhaling of temas en patrone in sy/haar gesprek.

Dit is gewoonlik wat die belangrikste aspekte in die beradenes se lewens is en dit voorsien ook die redes hoekom die beradene so optree soos hy/sy optree of sekere reaksies teenoor mense en sekere situasies toon.

#### **4.3.2.3.3 Wyse van data-versameling**

Daar is drie maniere van data-versameling, naamlik:

- PDIF – "personal data inventory form" invul
- Vraelyste invul

- Geskikte vrae te vra

#### **4.3.2.3.4 Geskikte vrae om data te versamel**

Die data wat benodig word om 'n berader te help om 'n sekere konsepie van die beradene te verkry, word vasgevang in die afkorting **FOEDAG**, wat beteken:

- F** : Fisies, bv. slaapgewoontes, siektes, oefeninge
- O** : Ondersteuningsbasis, bv. verhoudings, familie, kinders en vriende
- E** : Emosioneel, bv. gemoedstoestande, ervaringe, gevoelens
- D** : Denke, bv. gedagtes en intensies van die persoon se hart, persoonlike oortuigings, verwagtinge en houdings
- A** : Aksies, bv. wat die persoon se doen en late is, stokperdjies
- G** : Geskiedenis, bv. die eerste ervaring wat 'n persoon kan onthou.

Dataversameling word soos volg deur Lotter (1987:131) opgesom: "Take notes, write down all the facts. Not only a good reference for the counsellor, but it helps the counselee to order his/her own mind and to get the necessary insight into the problem".

#### **4.3.2.3.5 Intensie (Motief)**

By hierdie fase word die beradene se motief en "commitment" getoets.

Persoonlike verantwoordings en verbintenisse aan voorskrifte word van die beradene gevra. Beradene moet hulself skriftelik verbind om huiswerk te doen en afsprake betyds by te woon om te bewys dat hulle ook ernstig is met die proses.

Teleurstelling in berading is dikwels as gevolg van 'n konflik tussen verwagtinge en berading. Die beradene kom met sy eie agenda na berading toe. Die verwagtinge van die beradene spruit uit die agenda uit.

Daarom is dit die berader se plig om so gou moontlik die beradene se verwagtinge aan die lig te bring en sodoende teleurstellings vir albei partye uit te skakel.

Soos daar gesê word: “Jy kan ‘n perd na die water toe bring, maar jy kan hom nie laat drink nie”. Dus as die beradene nie sy deel van die proses gaan of wil navolg nie, moet die berader die proses stop en onttrek van die beradene of in toewyding vra om aan die proses te werk.

#### **4.3.2.3.6 Interpretasie**

Nadat genoegsame data ingesamel is, volg die berader die volgende stappe:

##### **a) Interpreteer die data**

Daar is sekere vrae wat die berader hom-/haarself moet afvra om die interpreteringsproses te bevorder, naamlik:

- Watter Bybelse kategorie beskryf die persoon; bv wedergebore/geestelik/ongered/volwasse?
- Watter Bybelse gedeelte beskryf die probleem die beste?
- Watter insigte verskaf die Bybel omtrent die oorsaak van die probleem wat die persoon ervaar, bv vrees, konflik, leuens vertel, verwarring?
- Watter hindernisse is daar vir gedrag om te kan verander?
- Wat is die persoon se verwagting van die berader?
- Wat is die fisiese en letterlike feite?
- Het die probleem al vantevore opgeduik?

##### **b) Formuleer 'n werkende interpretasie**

- Hier fokus die berader daarop om die moontlike rede vir of oorsprong van die probleem vas te stel.
- Daar word ook na die bedoelings van die beradene gekyk.

c) Toets die geloofwaardigheid van die interpretasie

- Die berader vergelyk sy/haar interpretasie met al die notas deur die dataversamelingsproses gemaak. Daarna moet die berader se interpretasie versigtig en liefdevol met die beradene bespreek word sodat die beradene terugvoering kan bied. Die terugvoering van die beradene kan meer informasie na vore bring wat die interpretasie van die berader kan verander of duideliker maak.
- Interpretering van data is 'n baie moeilike proses. Korrekte interpretasie kan slegs deur die leiding van die Heilige Gees en gebed geskied .

**4.3.2.3.7 Instruksie (Aansporing)**

Die berader is hier verantwoordelik om die beradene van basiese riglyne te voorsien hoe om die probleme te hanteer. Dit geskied gewoonlik deur die Woord van God te bestudeer en algemene huiswerkopdragte.

Huiswerk speel hier 'n groot rol. Deur huiswerk leer die beradene, op sy eie, hoe om probleme op te los en baie keer hoe om op die regte wyse Bybelstudie te doen .

Hierdie fase is waar die berader begin terugstaan en die beradene effektiewelik aan die probleme begin werk. Die berader speel die rol van fassiliteerder in die proses.

Die berader kan bv vir die beradene 'n boek voorskryf om te lees wat dalk oor die spesifieke probleem gaan wat die beradene meer kennis en insig sal bied. Die huiswerk sal meer spesifiek wees soos bv. skryf elke dag een eienskap van jou vrou neer waarvan jy hou. Die beradene moet dan die lysie na die volgende sessie toe bring en verdere gesprek sal plaasvind.

Die instruksieproses leer die persoon hoe hy/sy sal moet verander om te herstel of te genees ten einde die probleem op te los. Geen groot veranderinge hoef hier plaas te vind nie.

#### **4.3.2.3.8 Implementering (Aksieplanne)**

By die implementeringsfase verwag die berader dat die beradene haar/sy lewe sal verander. Dus, daadwerklike aksiestappe word deur die beradene uitgevoer om verandering, genesing of probleemoplossing na vore te bring. Hierdie verandering is langtermyn en moet deel van die beradene se lewe word.

Vier stappe word gevolg:

##### **a) Beplanning**

Die beradene moet nou self sê wat hy/sy dink afgelê, opgeneem of verander moet word. Volgens Adams (1974:176-180) moet die beradene hier aksiestappe vir nuwe gewoontes ontwikkel.

##### **b) Uitvoering van die plan**

Die man wil graag ophou om sy vrou te slaan. Hy't nou beseft dat dit nie reg is nie, en hy het 'n begeerte om te verander. Hy moet beplan wat hy eerder gaan doen as hy voel hy wil sy vrou slaan. Sy plan is om eerder in die rondte te draai en met sy rug na haar tot by 20 te tel.

##### **c) Aksiestappe**

- Die eerste keer dat hy weer in daardie situasie beland, gaan dit ongelooflike selfdisipline verg om sy beplanning in werking te laat tree. Wanneer so 'n situasie opduik, gryp hy sy vrou en dan beseft hy, hy moes eintlik weggedraai het en getel het, maar wat hy eerder doen is om met sy vrou in sy hand tot by 20 te tel – hy slaan egter hopelik nie.
- Dit is belangrik dat die berader die beradene sal moed inpraat as hy voel asof hy nie sukses behaal het die eerste keer nie, en net mooi aan hom sal verduidelik dat dit nog 'n paar keer mag duur voordat doel bereik sal word.
- Wanneer die situasie weer opduik, gaan hy om sy vrou te gryp, maar halfpad draai hy om en tel net tot 10 en brul.
- Die vierde keer draai hy al klaar om en tel dalk tot 5.

- En die vyfde keer kry hy dit reg om by sy beplanning te hou.
- Adams (1974:176-180) noem dit "rehabitation". Die beradene is besig om sy ou gewoontes te vernuwe en te verander. Dit is 'n uiters moeilike proses wat baie selfdissipline en daaglikse oefening en herinnering verg.

d) Volharding in verandering

Volharding, ten einde jou gewoonte te verander, is slegs moontlik deur daaglikse Skriflesing en gebed. Deur 'n mens se verhouding met Jesus Christus te bou, kan 'n mens nie anders as om meer soos Jesus Christus te word nie.

#### **4.4 Kenmerke van emosionele eenwording in die huwelik**

In die lig daarvan dat God deur Jesus Christus die huwelik kom herstel het (vgl. hoofstuk 2) kan die volgende kenmerke as riglyne gegee word vir emosionele eenwording in die huwelik. Die man en vrou se huwelik word ook gesien as 'n lewenslange en onlosmakende eenheid wat niemand mag breek nie (vgl 2.4.1).

##### **4.4.1 Man en vrou as een deur God gesien (2:2)**

Man en vrou is nie dieselfde geskape nie. Elkeen het sy uniekheid met 'n belangrike doel ontvang. Hierdie doel is om mekaar te kan aanvul en te verryk.

Verskille tussen eggenote is nie 'n negatiewe eienskap nie, want sodoende bring dit verskeidenheid, interessantheid en volheid in die huwelik.

Wanneer 'n man en vrou presies dieselfde is, sal die paartjie gou verveeld raak en nie volmaaktheid ervaar nie.

Man en vrou is so geskape dat waar die vrou swak is, is die man sterk en wanneer die man swak is, is die vrou sterk. So vorm man en vrou saam 'n volledige mens.

## **4.4.2 Die mens is as gees, siel en liggaam geskape (2:2)**

### **4.4.2.1 Gees**

Die geestelike bestaan van die mens is seker die belangrikste aspek. Eerstens gaan dit oor die verhouding tussen God en die mens. Die mens is geskape na die beeld van God en om 'n verhouding met Hom te hê. Selfs die tien geboorte begin met: "jy moet die Here jou God liefhê" ( Ex 20:3).

Tweedens handel die gees ook oor die individu se eie gemoedstoestand. Die mens as individu moet eers self tevredenheid vind voordat die maat die individu se gelukkigheid kan verhoog. Dit beteken dat die mens hom-/haarself moet aanvaar net soos hy/sy is -- soos God die mens geskape het. Hierdie geluk spruit uit die mens se verhouding met God, want dit is deur Hom dat die mens vrede in hom-/haarself kan vind, omdat Hy die mens lief het net soos die mens is.

### **4.4.2.2 Siel**

Die sielsbestaan van 'n mens speel seker die grootste rol in die menslike lewensbestaan. Dit het ook die grootste effek op die mens se alledaagse besluitneming en ervarings.

In hierdie bestaansvlak speel emosies die grootste rol (sien 3:3). In die huwelik is dit uiters noodsaaklik dat man en vrou "naak" voor mekaar kan staan. Wat met die naaktheid bedoel word, is dat man en vrou openlik hulle gevoelens en ervarings oor alledaagse aspekte van die lewe kan deel, sonder dat een weerloos hoef te voel.

Die konsep van die naaktheid van die siel bied 'n veiligheid in mekaar, dat "jy in my siel kan kyk net wanneer jy wil, want ek vertrou jou en jy gaan my nie seermaak nie". Deur die gevoel van veiligheid is die pasgetroudes besig om nader aan mekaar te groei, en op die ou einde in mekaar te groei om as een te kan funksioneer.

In die siel word ook al die lewenservarings en ondervindinge gestoor. Dit is die siel wat 'n persoon dryf om nuwe goed te ontdek of 'n mens herinner hoe bang jy as persoon in sekere omstandighede is. Gewoonlik maak die sielsvlak van die mens die eerste besluit uit oorlewing of gewoonte.

In die siel word elke persoon se opvoeding gewortel, waaruit die besluite en reaksies vloei. Elke dag word man en vrou se siel gekonfronteer met die opvoeding van beide pare, wat meestal van mekaar verskil. Dit is hoekom dit vir man en vrou 'n langdurige taak is om 'n nuwe huis-kultuur te skep. Dit is 'n groot stryd om twee huise se opvoedings in een opvoeding te omskep, waar elkeen nog dink sy opvoeding is die belangrikste of die regte. Dit is hier waar onvervulde verwagtings van mekaar geskep en ontwikkel word. Die een verwag van die ander dit wat hy/sy by sy/haar ouers se opvoeding geleer het 'n man en vrou behoort te doen. 'n Voorbeeld kan die volgende wees: Die man is deur sy pa geleer dat 'n vrou se plek in die huis en kombuis is. Die vrou het weer by haar ouers gesien dat man en vrou mekaar help in die huis en kombuis. Dus verwag die man van die vrou om alles alleen in die huis en kombuis te doen en die vrou verwag van die man om haar in die huis te help. Op die ou einde word man en vrou teleurgestel want albei se verwagtinge van mekaar word nie vervul nie en hulle begin twyfel oor die sukses van hul verhouding.

Dit is dan hier waar "naaktheid" na vore moet kom sodat hulle hul onvervulde verwagtinge kan deel en dan saam 'n regverdigte oplossing kan bereik.

Die man kan van die vrou verwag dat die huis netjies sal wees, maar hy kan ook help met opruiming en skoonmaak en hy kan dalk die skottelgoed was. Nou is albei se verwagtinge bevredig en die eenwordingsproses word vergemaklik.

#### **4.4.2.3 Liggaam**

Hier word meer op die liggaam, die seksuele, aantreklikheid en intimiteit gefokus.

Die liggaam speel 'n belangrike rol in die huwelik. Man en vrou moet na hul eie liggame kyk en dit versorg. Vir 'n man en vrou is dit belangrik hoe hul eggenoot lyk. Daar is niks mooier as 'n goed versorgde man of vrou nie – dit is asof 'n mens nader aan die persoon wil kom, maar 'n onversorgde persoon is afstootlik. Hierdie konsep is belangrik in die huwelik. Die man en vrou moet hulself aantreklik vir die ander een maak.

Seksuele gemeenskap is een van die belangrikste aspekte van die huwelik. Dit is hier waar man en vrou die mees intieme oomblikke saam kan ervaar.

Wat uiters opvallend is, is dat die persentasie naaktheid in die siel, ook 'n groot rol in die naaktheid van die liggaamlike vlak speel.

Wanneer man en vrou mekaar kan vertrou en bymekaar veilig kan voel en aanvaarding ervaar in die sielsvlak, sal op die liggaamlike vlak bereidheid wees om naak te verkeer sonder enige terughouding. Maar wanneer daar nie regtig naaktheid in die sielsvlak floreer nie, gaan die liggaam sukkel om naak te verskyn en dit beïnvloed die vlak van intimiteit wanneer dit by die seksuele daad kom (sien 3.4.3.2). 'n Letterlike voorbeeld van bogenoemde stelling is die volgende: Man en vrou is gewoon om naak te slaap. Elke keer wanneer daar nie meer openlikheid in die sielsvlak ervaar word nie, slaap die man of vrou met klere aan.

Die rede – die vrou voel nie meer veilig genoeg om naak te slaap nie, want in haar sielsvlak is sy êrens seergemaak of teleurgestel, wat haar van haar man weerhou. Dus beïnvloed die naaktheid van die siel, die naaktheid van die liggaam.

Kom ons bekyk nou 'n voorbeeld waar aldrie vlakke saamwerk: 'n man en vrou begin stry. Die man raak kwaad en gooi die vrou met 'n kussing. Die vrou val op haar rug. Die man se eerste emosie sal wees “jy verdien dit” en hy sal geen poging aanwend om sy vrou op te tel nie. Dis die sielsvlak. Maar nou kom die man se geestesvlak in werking, naamlik die gewete wat die man die volgende laat dink: “Ek moes nie so kwaad geword het nie, sy verdien nie dat sy seergekry het nie, want ek kon nie my eie emosies beheer nie”.

'n Gevoel van jammerte kom oor hom en hy gaan help haar op. Die vrou het dalk 'n blou kol, maar vanaand as hul gaan slaap trek sy klere aan en weerhou haarself van haar man. Die vrou se openlikheid is eers weer herstel wanneer haar man om verskoning vra en sy hom vergewe. Dit beteken dat sy weer veilig kan voel om “naak” op die sielsvlak te kan wees en dit veroorsaak dat sy naak in die aand kan gaan slaap en haarself vir haar man kan gee.

#### **4.4.2.4 Die Heilige Gees gee ons sagte harte**

In Matt 19: 4-6 vertel Jesus dat Moses toegelaat het dat mense skei as gevolg van verharde harte. 'n Groot rede hiervoor is dat die eggenote mekaar so afgetakel het en op die ou einde heeltemal emosioneel verwoes het (sien 2:4), dat dit eerder beter vir altwee partye was om uitmekaar te gaan as om in so 'n verwoeste huwelik te staan. Hier val die klem op verharde harte.

Jesus Christus is gestuur om ons 'n tweede kans vir 'n suksesvolle huwelik te gee. God het ook die Heilige Gees vir ons as Helper gestuur sodat ons gelei kan word in die volheid van God.

Die volheid in die huwelik is om emosionele eenwording te bereik, en sagtheid van die hart is die kernsleutel. God gee aan die huweliksgenote riglyne in Sy woord, naamlik: Die vrug van die Gees en wat ware liefde is.

Die vrug van die Gees word vir ons duidelik in Galasiërs 5: 22-23 uitgespel, naamlik: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

1 Korintiërs 13 vertel van die eienskappe of kenmerke van die volmaakte Goddelike liefde. Dit is nie toevallig dat God hierdie hoofstuk (1 Kor 13) laat afsluit met; "en die grootste hiervan is die liefde" nie (1 Kor 13:13).

Wat hieruit voortspruit is dat dit belangrik is om mekaar eerstens lief te hê; wanneer daar liefde is, is daar 'n bereidwilligheid om die ander maat bo 'n mens self te stel. Wanneer God se liefde in ons harte heers, kan eggenotes nie anders as om daarna te streef om mekaar te aanvaar, na mekaar te luister, te respekteer, verdra en die ander een bo jouself te stel nie (vgl Crabb, 1982:35-40).

Wanneer 'n mens deur die hoofstukke (Galasiërs 5:22-23 en 1 Korintiërs 13 ) lees, voel dit asof sulke gedrag onmoontlik is, en dit is reg. Jy as mens is nie in staat om al hierdie kenmerke op jou eie reg te kry nie. Slegs deur die hulp van die Heilige Gees is hierdie gedrag moontlik.

Hierdie sagtheid van hart, wat al die vrug van die Gees en liefde insluit, kan net moontlik wees wanneer die Heilige Gees in die mens se lewe heers. Sonder Hom is ons geneig om ons harte te laat verhard, en sodoende emosionele eenwording te laat verbrokkel.

#### **4.4.3 Verantwoordelikheid**

##### **4.4.3.1 Bewoon, bewerk, heers en vermeerder**

God se oorspronklike verantwoordelikhede aan man en vrou was om saam die aarde te bewoon, te bewerk, daarvoor te heers en te vermeerder (vgl. Gen 1:27-28).

Na die sondeval het God vir die vrou gesê sy sal swaar kinders kry en na haar man hunker (sien Gen 3:16), en vir die man hy sal hard moet werk om iets te eet (sien Gen 3:17). Is dit nie hier waar die mens besluit het om die rolverdeling in die huwelik op te bou en te struktureer nie? Die vrou moet by die kinders bly en alle huishoudelike take verrig en die man moet net werk. As ons na die oorspronklike doel van God vir die mens kyk, blyk dit dat alle verantwoordelikhede saam uitgevoer moes word.

Vandag werk man en vrou albei en is dit onmoontlik vir die vrou om alle huishoudelike take en verantwoordelikhede rakende die kinders alleen te kan beheer. 'n Mens sou amper wou vra of hierdie situasie nie dieselfde oplossing bied as by die oorspronklike orde van verantwoordelikhede nie?

Man en vrou heers saam oor die aarde, en help mekaar met huishoudelike take, en die verantwoordelikhede van kinders grootmaak.

Elke huwelik en gesinsorde is anders, daarom is dit uiters belangrik dat man en vrou saam moet besluit hoe om die verantwoordelikhede te verdeel dat albei partye mekaar help om te heers en te bewoon en te vermeerder. Wat vir een gesin gaan werk, gaan nie noodwendig vir 'n ander gesin werk nie. Die volgende voorbeeld kan hier gebruik word:

In gesin A is dit vir die man lekker om kos te maak en die vrou haat dit. In gesin B haat die man kos maak en die vrou geniet dit. Nou kan verantwoordelikhede soos volg opgedeel word:

Gesin A: man maak kos en vrou was skottelgoed

Gesin B: vrou maak kos en man was skottelgoed.

Nie een oplossing is meer Bybels as die ander een nie - volgens hulle eie rolverdelings - maar albei partye doen wat vir hul lekker is en wat hul geniet. Dus is albei partye in die huwelik gelukkig.

Daarom glo die navorser dat dit belangrik is om verantwoordelikhede te verdeel tot voordeel van elke party. Dit neem tyd om hierdie verantwoordelikhede te verdeel, en elke party moet sy/haar verantwoordelikhede nakom. Wanneer dit so plaasvind, kan dit gesien word, as dat daar teruggegaan is na die oorspronklike plan van God rondom verantwoordelikhede.

#### **4.4.3.2 Man en vrou teenoor mekaar**

Tweedens, het God ook sekere verantwoordelikhede aan man en vrou teenoor mekaar gegee, soos dat die man sy vrou lief moet hé (vgl. Ef 5:25) en hoof van haar moet wees (vgl. Ef 5:23), en 'n vrou moet onderdanig aan haar man wees (vgl. 1 Kor 11:3-12 en Ef 5:22-24 en 1 Petrus 3:1,5,6).

Hierdie gedeelte is volledig in 2.4.2 behandel.

#### **4.4.4 Monogame huwelike**

Die oorspronklike Goddelike fondament van die huwelik was tussen man en vrou (vgl. Gen 2:18).

Veelvuldige verhoudings, selfs binne die huwelik, word deesdae aanvaarbaar (vgl. 3.4.1). Net God se liefde kan genesing en waarheid bring sodat persone kan vrykom van die leuen (sien Rom 1:26-27) en genesing kan ervaar.

Jesus Christus het gekom om ons net weer bewus te maak van God se oorspronklike plan met die huwelik. Homoseksuele huwelike is nie 'n natuurlike wet (sien Rom 1:26-27) soos God dit bepaal het nie. Dit is 'n afsku in God se oë (sien Lev 18:22, 20:13).

#### **4.4.5 Verbond met God en mekaar**

Hierdie saak is reeds in punt 2.3 tot 2.6 behandel. Daarom word hierna nie weer in diepte gekyk nie en net 'n kort opsomming weergegee.

God kies self om as getuie tussen man en vrou in die huwelik te staan. Hy beskerm Sy kinders om die verbond te behou deur verskeie hulpmiddels in te bring.

Eerstens stuur God vir Jesus Christus om al die vloeke te kom breek en vergifnis vir sondes moontlik te maak (Is 53:5; 1 Joh 1:9). Verder wys Jesus Christus die mens net weer wat die oorspronklike doel van God was met die mens en die huwelik (vgl. Matt 19:4-5). Tweedens stuur God die Heilige Gees om die mens te bly herinner aan dit wat God bedoel het en God gee die Heilige Gees die krag om die mens te help om 'n Goddelike lewe te leef (Johannes 14:16).

Verder word daar ook gewys dat sonder die logiese volgorde van stappe, naamlik verlating van ouers, aankleef aan vrou en een vlees word, (vgl.2.5) kan 'n huwelik se fondament nie staande bly nie en emosionele eenwording nie bereik word nie.

Laastens kom leer God ons dat Hy egskeidings haat (sien 2.4.1) en dat dit 'n verdraaiing van God se oorspronklike doel was en is. Die Goddelike skeppingsdoel van die huwelik was dat dit 'n verbond tussen mens en mens en God en mens sou wees, wat onlosmaaklik en ewigdurend is.

## **4.5 Voorbeeld van die pastorale gesprek in praktyk**

### **4.5.1 Gevallestudie**

Die volgende gevallestudie waarna verwys gaan word, kom uit die Pastorale beradingskursus se eksamenvraestel, Mei 2000. Die rede vir hierdie spesifieke gevallestudie is die realiteit van die probleme wat deur Pierre en Marie ondervind word. Dit is belangrik dat die beradene hom-/haarself kan vereenselwig met 'n gevallestudie sodat hy/sy iets uit die gevallestudie kan leer/besef.

*Pierre en Marié is drie jaar getroud en het geen kinders nie. Hulle kom sien jou en is al twee uiters teleurgesteld in die huwelik. Marié kom uit 'n huis waar mense gewoon is om te presteer en sy het gedink deur hard te werk, lekker kos te maak en aan al Pierre se uiterlike behoeftes te voldoen, sy aanvaarding en geluk sal vind. Pierre aan die ander kant se huislike agtergrond dui daarop dat hy as kind afgeskeep is en nooit emosioneel met enige van sy familieleden goeie interaksie gehad het nie. Hy het gedink Marié kon hom die emosionele vervulling gee wat hy nooit gehad het in sy lewe nie.*

*Albei erken na die tweede sessie van berading dat hulle mekaar as "krukke" gebruik om leemtes in hulle eie agtergrond en lewe te vul. Die res van die berading lê nou voor want hulle is tog lief vir mekaar en wil werk aan die huwelik. As gelowiges besef hulle dat hulle berading by iemand moet kry wat vanuit die Woord van God werk.*

### **4.5.2 Die grondliggende probleem**

Uit die gevallestudie sou die berader kon sê dat Pierre en Marie se grondliggende probleem 'n verkeerde benadering tot die huwelik is.

Eerstens, veroorsaak dit dat elkeen 'n verwronge beeld oor sy of haar eie rol in die huwelik het. Dit kan impliseer dat nie Pierre of Marie weet wat regtig (bybelse riglyne) van hom of haar as 'n huweliksmaat verwag word nie.

Tweedens, veroorsaak dit dat Pierre en Marie nie weet wat hulle van die ander persoon kan en moet verwag nie. Dit beteken dat hy of sy nie weet watter persoonlike behoeftes deur die maat bevredig moet word nie.

Derdens, veroorsaak bogenoemde dat Pierre en Marie maar die voorbeelde waarmee hulle grootgeword het, volg, en dan maar hoop vir die beste.

As gevolg van elkeen se manier van opvoeding, het daar sekere leemtes ontwikkel en nou wil hulle mekaar gebruik om hulle "verlede - leemtes" te vul wat eintlik deur die ouers vervul moes wees, en nie deur die huweliksmaats nie.

Deurdat hulle hulle ouers se voorbeelde volg en nie die Goddelike beginsels ken nie, tree ontevredenheid in. Dit veroorsaak teleurstelling in hom- of haarself, in mekaar en uiteindelik in die huwelik. Dit bring mee dat nie net die benadering waarmee hulle na die huwelik kyk nog meer verwronge raak nie, maar ook dat die huwelik self skade ly. Wonde kan en word veroorsaak wat lank sal vat om te genees as daar nie aandag aan gegee word nie - dit kan dalk net meer septies raak en sal dus verwyder moet word.

As gevolg van die verwronge benadering tot die huwelik is Pierre en Marie besig om uit mekaar te dryf en net nog meer onvervuld te voel. Dit veroorsaak die gevoel dat die huwelik nie die moeite werd is nie.

Wat wonderlik is, is dat hulle albei gelowiges is en dat hulle mekaar liefhet. Hulle besef ook dat hulle hulp nodig het, want hulle kan sien dat hulle mekaar as "krukke" gebruik. Hulle weet dat die oplossing by God en Sy Woord lê. Hulle is altwee gewillig om aan hulle huwelik te werk.

### 4.5.3 Die verskil tussen die Bybelse benadering; Marie en Pierre (afsonderlik) se benadering asook praktiese riglyne in tabelvorm

#### a) Marie

Bybelse benadering en optrede	Marie se benadering en optrede	Praktiese riglyne
<p>Ef 5:22,24</p> <p>"Wees in alles onderdanig aan die man soos onderdanig aan God" (vgl. 2.4.2).</p>	<p>Sy moet presteer.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Haar bewus maak van haar gewoonte, dat slegs deur prestasie kan sy Pierre aanvaar en liefhê.</li> <li>◆ Motiveer haar om haarself te aanvaar sonder enige prestasies - sodat sy net haarself kan wees.</li> <li>◆ Verduidelik ook die "in Christus" aanvaarding.</li> </ul> <p>Huiswerkidee: Plak 'n papier by die spieël of 'n plek wat sy baie sien, op met die woorde "prestasie onderhou nie aanvaarding nie".</p>
<p>Kol 3:18</p> <p>Onderdanig omdat dit 'n Godgegewe orde is.</p>	<p>Hard werk, lekker kos maak</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Verduidelik dat as sy haarself gaan aanvaar, dan sal sy vir Pierre meer kan gee as net 'n lekker bord kos, dus die innerlike mens wie sy regtig is.</li> </ul> <p>Huiswerkidee: Maak 'n tyd (±10 min) vas met jousef, om regtig jou volle aandag aan Pierre te gee, bv. maak seker dat as dit by etenstyd kom dat jul saam sit en eet – verkieslik nie voor die TV nie.</p>

<p>Tim 2: 8-15</p> <p>"volhard in geloof, liefde"; beskeie te bly en 'n heilige lewe te leef.</p>	<p>Soek aanvaarding en geluk</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Verduidelik wat die effek was: sy het al haar tyd spandeer om die uiterlike behoeftes van Pierre te bevredig, dat sy nooit beseef het, dat hy innerlike behoeftes het nie.</li> <li>◆ Motiveer haar om Pierre erkenning te gee vir wat hy doen as haar man, hom aan te moedig om goeie werk te doen en hom te vertel dat hy 'n wonderlike man is.</li> </ul> <p>Huiswerkidee: Spandeer tyd met jousef bv lees jou gunsteling boek, luister, koop vir jou 'n boks sjokolade.</p>
<p>Gen 3:16 / 1 Kor. 7</p> <p>Hunker na haar man en sal onderdanig aan hom wees / Haar liggaam behoort nie aan haarself nie, maar aan haar man.</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Fokus dat die hoofbron van geluk God is</li> <li>◆ Sy moet ook beseef dat innerlike aanvaarding en geluk van hoër waarde is as uiterlike, tydelike geluk en aanvaarding.</li> <li>◆ Moedig haar aan om haarself as mens te verbeter, deur haar innerlike krag te versterk, sodat dit na buite kan uitstraal.</li> <li>◆ Wanneer sy innerlik "mooi" is, is daar 'n groter moontlikheid dat sy onweerstaanbaar vir Pierre sal voorkom.</li> </ul>

		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Behandel met haar die Skrifgedeeltes (Gen 3:16, 1 Kor. 7, 1 Tim 2:8-15, Kol 3:18 en Ef 5:22,24) en verduidelik wat God bedoel het met die rol van die vrou.</li> </ul> <p>Huiswerkidee: Koop 'n boek wat nuwe seksuele posisies verduidelik en lees dit saam / Ontvang Pierre na werk, by die deur met iets uitlokkends aan.</p>
<p>Fil 2: 1-5</p> <p>Sy bewys haar liefde om een in doel en liefde, hart en strewe te wees. Wees nederig en ag hom hoër en moenie kompeteer nie, dus, wys respek in daad en woord vir hom. Moenie selfsug en eie behoeftes eerste stel nie.</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Laat sy die belangrikheid besef om Pierre spesiaal en belangrik te laat voel</li> </ul> <p>Huiswerkidee: Teken hom in vir sy gunsteling tydskrif / maak die motorhuis se deur vir hom oop as hy by die huis kom.</p>

b) Pierre

Bybelse benadering en optrede	Pierre se benadering en optrede	Praktiese riglyne
<p>Ef 5:23-31</p> <p>Hy is die hoof van die vrou, die geestelike leier, hy moet sy vrou so liefhê soos Christus die kerk liefhet (vgl 2.4.2).</p>	<p>Voel afgeskeep</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Motiveer hom om te vertel hoe hy en Marie ontmoet het en besluit het dat hulle gaan trou. (Dis net om die ys te breek en die gevoel van belangstelling te kweek)</li>   <li>◆ Moedig hom aan om van sy kinderdae te vertel, sodat die wortel van sekere situasies, wat hom laat voel het dat hy afgeskeep word, kan uitkom.</li> </ul> <p>Huiswerkidee: Doen moeite om met sy ouers in kontak te kom, bv. 'n telefoonoproep net om te hoor hoe dit gaan, en of hy hulle met iets kan help.</p>
<p>Kol 3: 19</p> <p>Wees vir jou vrou lief en moenie die lewe vir haar bitter maak nie.</p>	<p>Goeie interaksie is afwesig</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Vra uit wat hy dink, stel vas of hy en sy ouers nooit emosionele interaksie gehad het nie.</li>   <li>◆ Eerstens, moedig hom aan om sy ouers te vergewe waar hy voel dat hulle hom onregverdig behandel of afgeskeep het. Verduidelik hoe baie krag daar in vergifnis lê (Mat 6:12-15).</li>   <li>◆ Tweedens, hy sal moet begin om aan sy verhouding met sy ouers te werk. Hy sal tot die besef moet kom dat dit baie moeilik gaan wees, maar met God se hulp sal dit moontlik gemaak word. Dit sal baie bevrydend wees (Eks 20:12)</li> </ul>

<p>1 Pet 3:7</p> <p>Eer jou vrou, sorg vir haar, bid vir haar.</p>	<p>Soek emosionele vervulling by Marie.</p>	<p>Verduidelik en motiveer hom om sy leemtes na God toe te vat, sodat God sy leemtes kan vul en nie sy vrou nie. Die berader kan hom aanmoedig om God se genesingskrag in sy lewe te soek (Jes 53:5).</p> <p>Huiswerkidee: Sy persoonlike verhouding met God te versterk, veral God as Geneesheer en Bemoediger te sien, en die skrifte (Jes 53:5, Eks 20:12, Mat 6:12-15) deur te lees en sy eie te maak.</p>
<p>1 Kor 11:3</p> <p>God is die hoof van die man en die man is die hoof van die vrou. Die man bewys liefde aan sy vrou deur haar te versorg, lief te hê en haar te laat deel in sy lewe en bediening.</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>◆ Die berader kan saam met hom deur die skrifgedeeltes (1 Kor 11:3, Jes 54:5) gaan en hom verduidelik wat God bedoel het, met die rol van die man in die huwelik.</li> <li>◆ Saam kyk na sy benadering en sien hoe dit van God s'n verskil.</li> </ul>
<p>Jes 54:5</p> <p>God openbaar Homself as die voorsiener en beskermmer. Die man moet sy vrou beskerm en vir haar sorg.</p>		<p>Huiswerkidee: Neem 'n enkele Bybelse rol van die man en implementeer dit in die huwelik. Motiveer die man (Pierre) om sy rol voluit uit te leef, bv om sy vrou te versorg. Hy kan dalk vir haar vra om 'n lysie te maak van wat sy benodig of graag wil hê – dalk nuwe beddegoed/potte, ens.</p>

#### **4.5.4 Die hoofrigting van berading met hulle as paartjie**

##### **4.5.4.1 Interaksie:**

As gevolg van die feit dat albei beseft dat hulle hulp en berading nodig het, moet daar geleentheid vir verdere interaksie geskep word. Die berader moet hoop dat daar interaksie tussen die berader en beradene sal plaasvind en sodat hulle goed saamwerk.

##### **4.5.4.2 Inspirasie:**

Die belangrikste wat Marie en Pierre nou nodig het, is inspirasie. Hulle het nodig om te hoor dat die berader ook dink dat daar hoop is. Die berader hoop dat hulle sal aansteek om gemotiveerd te bly gedurende die tyd wat dit sal verg om aan 'n gelukkige huwelik te bou.

##### **4.5.4.3 Inligting:**

Die berader kan hulle uitnooi om te vertel wat hulle drome en toekomsplanne vir hulle huwelik was en wat hulle dink skeefgeloop het en hoekom hulle so teleurgestel is met die huidige situasie.

Daarna kan die berader vir hulle vra om elkeen afsonderlik vir hom/haar te verduidelik wat bedoel word as hulle erken dat hulle mekaar as "krukke" gebruik. Sodoende kan elkeen sy afsonderlike fout insien, naamlik hoe hy of sy grootgeword het en dat die leemtes daar ontstaan het en dat die leemtes daar gevul moet word.

'n Voorstel kan deur die berader gemaak word, dat elkeen vir die ander een sal verduidelik hoe hy of sy grootgemaak is - wat sy of haar huislike omstandighede was. Daarna sal elkeen ook die geleentheid kry om te sê wat hulle tot dusver van mekaar verwag het, want nie een het bevredig en vervuld gevoel nie (albei sal dus uit hulle verwronge beelde hulle behoeftes weergee).

Die berader kan die feit uitlig dat die waardes wat by die ouerhuis gegeld het, nou bots en dat elkeen afsonderlik eers genesing moet verkry. Die berader moet voorstel dat elkeen eers afsonderlik vir 'n sessie of twee moet kom.

Die klem kan gelê word op die feit dat, as twee gesonde mense in die huwelik tot mekaar verbind is, is die huwelik soveel makliker en vervullend, want dan kan elkeen hom- of haarself totaal vir die ander een gee sonder om oor die verlede se seer en leed te struikel.

Daarna kan die berader verduidelik wat hy/sy dink wat elkeen se afsonderlike probleme is en hoe hulle te werk moet gaan om van elkeen 'n gesonde mens te maak. (Dit is belangrik dat altwee teenwoordig moet wees wanneer bogenoemde gesê word, sodat hulle deel van die genesingsproses kan wees; dus betrokke sal voel en sodoende mekaar daardeur help en motiveer).

Nie een het regtig met die ander een gekommunikeer om te hoor wat sy of haar verwagtings of behoeftes is nie. Die berader kan selfs verder die belangrikheid van kommunikasie aan hulle oordra.

#### **4.5.4.4 Interpretasie:**

Hier kan die berader vir hulle verduidelik wat hy/sy as moontlike probleme en oplossings beskou:

**PROBLEEM:** Verkeerde benadering tot die huwelik as gevolg van ouerlike opvoeding. Dit bring leemtes mee en dus soek hulle na vervulling in die huwelik. Sodoende gebruik hulle mekaar as "krukke". 'n Gevoel van onvergenoegdheid heers en laat hulle dink dat daar iets skort met hul huwelik.

**OPLOSSING:**

**AS INDIVIDU:**

- ◆ Erken die leemtes
- ◆ Vul die leemtes op die regte manier
- ◆ Word 'n gesonde mens en leer wat God oor jou eie rol in die huwelik sê.

Let wel: 'n Geleentheid moet ook hier gebied word dat die individu self 'n oplossing voorstel.

## **AS PAARTJIE:**

- ◆ Gee jul self ten volle aan mekaar
- ◆ Implementeer jou Godgegewe rol as huweliksmaat
- ◆ Kommunikeer as 'n rol moeilik is, sodat julle mekaar kan help
- ◆ Kommunikeer jou behoeftes, begeertes en drome om die eenheid tussen jul te versterk.

Dit is belangrik dat die hele proses duidelik uiteengesit moet word, sodat hulle presies kan weet wat gaan gebeur. Die berader sal vir hulle daarop wys dat as hulle daaraan gaan werk, gaan dit die proses in beweging bring, wat op voltooiing gaan uitloop. Dus hang die hele proses van hulle elkeen as individu af, maar ook van hulle as paartjie. Die berader se rol is om die hele proses te koördineer en te sorg dat dit in die regte rigting sal beweeg.

### **4.5.4.5 Instruksie:**

#### **Opdrag een:**

##### **a) Leer om te kommunikeer:**

Oor die algemeen hou mans daarvan om slegs feitelik te praat, terwyl vrouens belangstel in detail. Mans wil gou tot 'n punt kom, terwyl vrouens geselskap geniet en eers later by 'n punt kom of nie.

##### **b) Riglyne vir goeie kommunikasie:**

- ◆ Luister na mekaar
- ◆ Gebruik die terugkaats-van-begrip-tegniek, naamlik: "Verstaan ek dit reg dat jy ... gesê het? Bedoel jy daarmee...?"
- ◆ Die "Ek"-boodskap is baie effektiewer as die "Jy"-boodskap, byvoorbeeld: "Ek voel dat jy baie kwaai is met my".

- ◆ Probeer emosies verstaan en herlei deur eerder te sê: “Is ek reg as ek sê jy lyk onrustig?”.
- ◆ Gaan kyk wat sê God in Sy Woord oor kommunikasie (bv. Jak 1:19).
- ◆ Gebruik hierdie riglyne saam met die skrif (Jak 1:19) wat julle uit die Woord gekry het, om in hierdie week die kommunikasie in julle huwelik te verbeter.
- ◆ Volgende keer moet julle kom vertel hoe julle kommunikasie verbeter het, waar dit misluk het, en die skrifgedeeltes wat julle oor kommunikasie gekry het saambring.

#### **Opdrag twee:**

##### **Afsprake:**

- ◆ Elkeen maak dan 'n afspraak om die berader alleen te kom spreek, verkieslik in dieselfde week. Tydens die sessie moet elkeen vir die berader sy/haar benadering tot die huwelik neergeskryf het.
- ◆ Saam met hulle eie benadering, moet hulle in die Bybel gaan soek wat God bedoel en beplan het, wat die rol van die man (Pierre) is, en wat die rol van die vrou (Marie) is. Hierdie opdrag behoort ook geloofsgroei tot gevolg te hê.

#### **4.5.5 Motivering vir hulle huwelik vorentoe**

Nadat albei deur die individuele sessies gegaan het, kan hulle weer saam gespreek word.

Hierdie sessies, as paartjie saam, sal baie kosbaar wees. Tydens hierdie sessies sal hulle aan mekaar kan verduidelik hoe hulle besig is om as individu genees te word en hoe hulle in mekaar die veranderinge kan sien.

Ook sal hierdie sessies belangrik wees om te hoor of hulle besig is om hulle Godgegewe rolle uit te leef en te hoor watter verskil dit in hulle huwelik maak, byvoorbeeld of hulle meer vervullend voel.

